

**Covid-19 en werksverlies: Geloofshulp as
lewenshulp in kinderbediening**

S Lambrechts

 **orcid.org/0000-0002-0305-5184X**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad
Magister Theologiae in Pastorale Studies aan die
Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr H Yates

Mede-studieleier: Prof M Kotzé

Gradeplegtigheid: Junie 2023

Studentenommer: 28504828

BEDANKINGS

Die volgende persone het 'n groot rol gespeel in die studie, ek sal daarom elkeen van hulle hartlik wil bedank.

- My studieleier, Dr. H. Yates en my medestudieleier Prof. M. Kotzé vir al hulle advies, hulp en ondersteuning deur die hele proses.
- Mev. Hester Lombard van die teologiese biblioteek van Potchefstroom vir al haar hulp met die opspoor van bronne.
- Die Noordwes-Universiteit vir hulle finansiële hulp in die vorm van 'n beurs.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hulle finansiële hulp in die vorm van 'n beurs.
- My man, Ruan, vir sy liefde, ondersteuning, gebede, bemoediging en hulp tydens die skryf van die studie.
- My pa, ma, sussie, ouma, skoonouers en skoonsussie vir hulle gebede en ondersteuning.
- Ander vriende en familie vir hulle gebede en ondersteuning.
- Amiskha vir haar bemoediging en advies.
- Laastens en die belangrikste wil ek die Here bedank vir Sy leiding sowel as die krag en bemoediging waarmee Hy my voorsien het. Sonder Hom sou die studie nie moontlik gewees het nie en my gebed is dat Hy hierdeur verheerlik sal word en dat dit vir Sy doel gebruik sal word.

OPSOMMING EN SLEUTELTERME

OPSOMMING

Die Covid-19 pandemie het nie net mense se gesondheid geaffekteer nie, maar ook hulle ekonomiese stabiliteit. Talle metodes is gevolg om die verspreiding van die virus te bekamp. Een van die Suid-Afrikaanse regering se metodes was 'n nasionale inperking. 'n Uitvloeisel van die pandemie, met die gepaardgaande inperkingsmaatreëls, is dat talle mense hul werk verloor het. Werksverlies van ouers het nie net 'n effek op hulself nie, maar ook op hul kinders. Mense se holistiese welsyn en die rol wat geloof in die daaglikse leef van die lewe vervul, vorm deel van die studieveld waarmee praktiese teologie gemoeid is. Die doel van hierdie studie is om vanuit 'n prakties-teologiese perspektief lig te werp op hoe kinders, in die konteks van ouers wat hul werk verloor het, deur kinderbediening begelei kan word om vanuit hul geloofshulpbronne van hulle omstandighede sin te maak en om ten spyte van hul omstandighede te floreer.

SLEUTELTERME

Covid-19; florerings; geloofshulp as lewenshulp; kinderbediening; kinders; veerkragtigheid; werksverlies

ABSTRACT AND KEY TERMS

ABSTRACT

The Covid-19 pandemic has not only affected people's health, but also their economic stability. Numerous methods have been followed to combat the spread of the virus. One of the methods followed by the South African government was a national lockdown. A consequence of the pandemic with the accompanying containment measures is that many people have lost their jobs. Job loss of parents not only has an effect on themselves, but also on their children. People's holistic well-being and the role that faith fulfills in the daily living of life form part of the field of study with which practical theology is concerned. The aim of this study is to shed light from a practical-theological perspective on how children, in the context of parents who have lost their jobs, can be guided through children's ministry to use their faith resources to make sense of their circumstances and to flourish in spite of their circumstances.

KEY TERMS

Covid-19; flourishing; faith resources as life resources; children's ministry; children; resilience; job loss

SLEUTELTERME EN DEFINISIES

Covid-19: Covid-19 word as die Koronaviruspandemie van 2019-2020 geklassifiseer. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (2020) is Covid-19 'n aansteeklike siekte wat tot verskeie simptome kan lei.

Floring: Floring beteken om 'n lewe van oorfloed voluit en vrylik in verhouding met God, mens en die skepping te leef. Floring word geassosieer met terme soos welstand, genesing en vervulling (vgl. Marais, 2014:171-172).

Geloofshulp as lewenshulp: Geloofshulp as lewenshulp kan beskryf word as 'n leefwyse waarin 'n persoon saam met God leef (Louw, 2017:1). Wanneer geloof met lewe geïntegreer word, word geloof 'n lens op en hulp in die leef van die lewe (Groome, 2009:763).

Kinderbediening: Kinderbediening verteenwoordig 'n bepaalde perspektief in praktiese teologie waaruit die bestudering van geloofshandelinge geskied wat in en deur geloofsgemeenskappe uitgevoer word om die koms van God se Woord aan kinders te bemiddel. Dié bediening geskied op 'n gedifferensieërde en gefokusde wyse aan, met en deur kinders as geïntegreerd deel van plaaslike gemeentes (Nel, 2018:242).

Kinders: Kinders verwys volgens Suid-Afrikaanse wetgewing na enige persoon wat 18 jaar en jonger is (OHCHR, 1989:2). Die term "kinders" in die konteks van hierdie studie word benut as 'n verhoudingskonstruk wat dui op die verhouding tussen 'n ouer/voog of beide ouers/voogde en kinders – met inagneming van die diverse gesinsamestellings wat in die Suid-Afrikaanse samelewing voorkom.

Veerkrachtigheid: Veerkrachtigheid verwys na mense se vermoë om te groei en te floreer te midde van moeilike omstandighede, asook om terug te bons en weer op te staan wanneer teenspoed beleef word (soos aangehaal deur Nel, 2014:124).

Werksverlies: Wanneer 'n persoon sy/haar werk verloor.

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS.....	I
OPSOMMING EN SLEUTELTERME	II
ABSTRACT AND KEY TERMS	III
SLEUTELTERME EN DEFINISIES	IV
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 Agtergrond.....	1
1.2 Navorsingsvraag.....	6
1.2.1 Subvrae wat voortspruit uit die navorsingsvraag	6
1.3 Sentrale doelstelling van die studie	6
1.3.1 Doelstellings wat voortspruit vanuit die sentrale doelstelling	7
1.4 Sentrale teoretiese argument.....	7
1.5 Bestaande navorsing en navorsingleemte	7
1.6 Metodologie	8
1.7 Etiese oorwegings	11
1.8 Beoogde bydrae van die studie	11
1.9 Skematiese uiteensetting.....	11
HOOFSTUK 2: COVID-19, WERKSVERLIES EN DIE EFFEK DAARVAN OP KINDERS.....	14
2.1 Inleiding.....	14

2.2	Die effek van ouers se werksverlies op kinders	15
2.2.1	Werksverlies en voeding.....	15
2.2.2	Werksverlies en gesondheid.....	16
2.2.3	Werksverlies en geweld.....	17
2.2.4	Werksverlies en sosiale ondersteuning.....	20
2.2.5	Werksverlies en skoolprestasie.....	21
2.2.6	Werksverlies en die toekoms	24
2.2.7	Werksverlies en die geslag van die ouer.....	25
2.3	Samevatting	27

HOOFSTUK 3: TEOLOGIESE REFLEKSIE: FLORERING IN 'N SITUASIE VAN

	WERKSVERLIES	29
3.1	Inleiding.....	29
3.2	Definieering van veerkragtigheid en florerings	29
3.3	Florerings in verhoudings.....	35
3.3.1	Florerings in ons verhouding met God.....	35
3.3.1.1	<i>Die Bybel.....</i>	36
3.3.1.2	<i>Gebed.....</i>	37
3.3.1.3	<i>Bybelse perspektief</i>	40
3.3.1.4	<i>Hoop.....</i>	41
3.3.2	Florerings in ons verhouding met ander.....	42
3.3.2.1	<i>Die rol van familie</i>	43
3.3.2.2	<i>Die rol van die gemeente</i>	44

3.3.2.3	<i>Die rol van vriende.....</i>	47
3.3.2.4	<i>Die rol van mense wat deur soortgelyke situasies is</i>	48
3.4	Samevatting	48
HOOFSTUK 4: GELOOFSHULP AS LEWENSHULP IN KINDERBEDIENING		50
4.1	Inleiding.....	50
4.2	Bespreking uit vorige hoofstukke	50
4.3	Bedieninge wat geloofshulp as lewenshulp bevorder	52
4.3.1	Sondagskool.....	52
4.3.2	Jeuggroep	54
4.3.3	Gemeentedienste	57
4.3.4	Mentorskap.....	58
4.3.5	Ondersteuning van ouers.....	61
4.4	Samevatting	63
HOOFSTUK 5: OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS		64
5.1	Inleiding.....	64
5.2	Opsomming van bevindings	64
5.2.1	Covid-19 en werksverlies en die effek daarvan op kinders.....	64
5.2.2	Teologiese refleksie: Florering in 'n situasie van werksverlies.....	65
5.2.3	Geloofshulp as lewenshulp in kinderbediening	67
5.3	Gevolgtrekking	68
5.4	Beperkings van die studie	69

5.5	Aanbevelings vir verdere navorsing	70
5.6	Refleksie op die studie	70
	BIBLIOGRAFIE.....	71

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Agtergrond

Sedert 2019 word mense wêreldwyd met die Konoraviruspandemie gekonfronteer. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (2020) is Covid-19 'n aansteeklike siekte wat tot verskeie simptome kan lei. Teen 30 April 2021 was al meer as 151 miljoen mense wêreldwyd met die virus besmet en is meer as 3.1 miljoen mense as gevolg van die virus oorlede ([Worldometer, 2021](#)). In Suid-Afrika spesifiek was meer as 1.5 miljoen mense teen 30 April 2021 met die virus besmet en is meer as 54 000 mense oorlede ([Worldometer, 2021](#)).

Nie net het Covid-19 'n groot effek op mense se gesondheid nie, maar die virus het ook tot 'n nasionale inperking in Suid-Afrika gelei (Jamieson & Van Blerk, 2021:3), sowel as in lande reg oor die wêreld. Tydens 'n tydperk van inperking word mense van verskeie aktiwiteite (wat deur elke regering bepaal word) weerhou. In Suid-Afrika was almal, buiten sekere noodsaaklike werkers, verplig om by die huis te bly (Jamieson & Van Blerk, 2021:3). Mense was slegs toegelaat om hul huise te verlaat om kos en medisyne te koop, sowel as om mediese hulp te ontvang.

Die inperking het baie gevolge gehad, maar een van die mees omvangryke gevolge was dat talle mense hul werk verloor het. 'n Span Suid-Afrikaanse navorsers het 'n "National Income Dynamics Coronavirus Rapid Mobile Survey" (NIDS-CRAM) in 2020 onderneem wat die effek van Covid-19 en die nasionale inperking op die ekonomie ondersoek het (Spaull *et al.*, 2020:1). Met die opname is daar bevind dat 3 miljoen Suid-Afrikaners gedurende die inperking hul werk verloor het. Waar ongeveer 17 miljoen mense in Februarie van 2020 werk gehad het, het dit tot 14 miljoen mense teen April van 2020 afgeneem (Spaull *et al.*, 2020:3). Die inperking het ook baie arm families verhinder om in die informele sektor te werk (Jamieson & Van Blerk, 2021:4). Gevolglik kon baie arm gesinne nie 'n inkomste verdien nie.

Die gebrek aan middele kan stres in kinders veroorsaak. Dit word bevestig deur 'n vyftienjarige kind wat bekommerd oor die inperking was, sy/haar ouers kon nie werk nie en kos in die huis het begin opraak (Jamieson & Van Blerk, 2021:5). Hierdie kind was ook bekommerd dat sommige mense vir dae lank sonder kos moes klaarkom. Die regering het wel probeer om arm gesinne te help, deur hulle met kospakkies sowel as geld te voorsien, maar daar was nie 'n effektiewe plan om pakkies te versprei nie en nie almal wat geld benodig het kon toegang daartoe kry nie (Jamieson & Van Blerk, 2021:4, 8). Covid-19 het tekortkominge in die regering se goedbedoelde pandemiebeheermaatreëls ontbloot.

Vanuit navorsing onderneem deur die Kinderinstituut van Universiteit van Kaapstad is bevind dat die regering se Covid-19-hanteringstrategie 'n ekonomiese resessie en ontwrigting van essensiële ondersteuningsdienste tot gevolg gehad het wat kollaterale skade aan families en kinders veroorsaak het (Lake *et al.*, 2021).

Die realiteit van werksverlies het implikasies vir kinders, hul ontwikkeling en holistiese welsyn. Kinders se vroeë lewenservarings het 'n effek op hoe hulle hul identiteit ervaar en ontdek (Huerta, 2013:4). Vir kinders om tot hul volle potensiaal te ontwikkel benodig hulle 'n stabiele en veilige huisvesting, voedsame voedsel, toegang tot mediese sorg, ouers/voogde wat betrokke is, ouers/voogde wat na hulle omsien sowel as goeie geleenthede vir akademiese leer by die huis en skool. Kinders funksioneer gemakliker in stabiele en koesterende omgewings en kan in hierdie soort ruimtes floreer (Huerta, 2013:5).

Dit beteken egter nie dat kinders nie tydens stresvolle situasies sal floreer nie. Traumatiese lewensgebeurtenisse kan ook tot positiewe uitkomst lei. Volgens Taylor (2012:32-33) kan traumatiese lewensgebeurtenisse lei tot die ontdekking van nuwe kennis en vaardighede, positiewe veranderinge in verhoudings sowel as 'n nuwe waardering vir lewe. Trauma kan ook lei tot die vermoë om medelye met ander te hê en tot die begeerte om ander wat lyding ervaar, by te staan (Taylor, 2012:40).

Buiten die positiewe gevolge wat voortspruit uit moeilike omstandighede het 'n studie wat deur die National Scientific Council on the Developing Child gedoen is, getoon dat dit normaal is vir kinders om stres te ervaar en dat dit selfs vir die gesonde ontwikkeling van kinders noodsaaklik is (Huerta, 2013:12). Stresvolle situasies is, byvoorbeeld, 'n baba wat van sy/haar moeder geskei word op die eerste dag van dagsorg of 'n kleuter wat met 'n maat oor 'n speelding baklei. Dit is algemene gebeurtenisse wat tot positiewe en tydelike spanning lei.

Wanneer kinders egter aan gereelde, langdurige spanning blootgestel word, bestaan 'n risiko om kognitiewe probleme en selfs stresverwante siektes te ontwikkel (Huerta, 2013:13). Dié tipe stres kan normale brein- en orgaanontwikkeling ontwig, gevolglik tot swak akademiese prestasie lei en kan veroorsaak dat kinders dit moeilik vind om emosies effektief te reguleer en hul sosiaal te handhaaf. Dit wys dat sommige veranderinge in kinders se lewens normaal en onvermydelik is, maar dat skielike traumatiese ontwrigtings baie stres kan veroorsaak en tot verskeie negatiewe gevolge kan lei.

Daar is wel bevind dat ondersteunende verhoudings met volwassenes as 'n buffer teen negatiewe gevolge van onstabieleit vir kinders kan dien (Huerta, 2013:5). Dit stel kinders in staat om

swaarkry te deurstaan, om by hul omgewing aan te pas en om ook hul emosies te reguleer. Louw (2017:6) bevestig dat alle mense nie alleen kan staande bly nie, maar dat hulle 'n ondersteuningstelsel benodig om traumatiese lewensgebeurtenisse te deurstaan. Dié ondersteuningstelsels word dikwels deur ondersteunende verhoudings met volwassenes sowel as vriende en betroubare familielede voorsien (Huerta, 2013:13; Dillen, 2012:63).

Die rol van positiewe verhoudings in die lewens van kinders word geïnfomeer deur die teorie van veerkragtigheid. Volgens Nel (2014:124) is veerkragtigheid die vermoë om te midde van ongunstige omstandighede of hindernisse te floreer en in volwassenheid en bekwaamheid te groei.

Een van die aspekte wat bydra tot die veerkragtigheid van persone, is die sosiale ondersteuning van ander. Suttie (2017) verduidelik dat goeie sosiale verhoudings aan sielkundige en fisiese welstand gekoppel word. Gevolglik het sosiale verhoudings 'n invloed op veerkragtigheid, aangesien dit mense help om minder spanning tydens lyding te ervaar.

In die interdisiplinêre veld van kinderstudies word godsdiens, in die algemeen en ook by name die Christelike geloof, ook aan kinders se veerkragtigheid verbind (Bangert, 2014:1191-1192; vgl. Nel, 2014:127; Khumalo, 2014:277; Gunnestad & Thwala, 2011:174; Dillen, 2012:62). Godsdiens word met holistiese welstand geassosieer (Khumalo, 2014:277). Die rede hiervoor is dat godsdiens vir mense betekenis in hul lewe kan gee en hulle sodoende met 'n bestaansdoel kan voorsien. Verder voorsien godsdiens sosiale ondersteuning, 'n gesonde leefstyl sowel as intrinsieke motivering. Dit word deur Bangert (2014:1191-1192) bevestig wat wys dat godsdienstige aspekte soos 'n verhouding met God en betrokkenheid by 'n geloofsgemeenskap of medegelowiges tot die welstand en florerings van kinders kan bydra.

'n Studie deur Gunnestad (soos aangehaal deur Gunnestad & Thwala, 2011:174) ondersteun die feit dat godsdiens kan bydra tot die ontwikkeling van veerkragtigheid in kinders. In dié studie is kinders gevra om na te dink oor 'n krisis wat hulle ervaar het, en om ook te deel wat hulle gehelp het om dit te deurstaan. Uit 'n groep van 29 Zambiese kinders, het 25 van hulle aspekte genoem wat met godsdiens te doen gehad het. In 'n ander groep van 32 Swazi kinders het 20 van hulle van godsdiens melding gemaak. Volgens Gunnestad en Thwala (2011:172) het verskeie studies 'n verband tussen welstand en godsdiens gevind. Die rede hiervoor is omdat godsdiens mense met betekenis voorsien wat dan ook as 'n buffer teen stres en depressie dien.

Alhoewel godsdiens met welstand en singewing in menslike lewe geassosieer kan word, moet 'n mens nie uit die oog verloor dat godsdiens, waar dit patologies is, ook nadelig vir mense kan

wees nie. Dit word deur Bangert (2014:1178) beaam wat verduidelik dat godsdiens 'n positiewe sowel as 'n negatiewe uitwerking op mense se welstand kan hê. Die feit dat godsdiens ook patologies kan wees kan gesien word in die feit dat godsdiens soms met terme soos fanatisme, grootpraterij sowel as wreedheid geassosieer word (Hay & Nye, 2006:19). Daarom wanneer geloofshulp as lewenshulp voorgehou word, behoort daar seker gemaak te word dat die bewusmaking en benutting van geloofshulpbronne tot die florering van kinders sal lei, in plaas daarvan om verdere stres en skade te veroorsaak.

In hierdie studie word geloofshulp as lewenshulp aan die hand van Thomas Groome se “Shared Praxis Approach” ondersoek. Die fokus van Groome se benadering tot religieuse opvoeding is om mense aan te moedig om hul geloof en lewe met mekaar te integreer (Groome, 2009:763). Om geloof en lewe te integreer is volgens Groome (2009:776) 'n nodige teologiese oefening vir mense om: (i) te reflekteer op die gebeurtenisse van die lewe, (ii) geleefde ervarings in gesprek met spirituele wysheid van geloofstradisies te bring, en (iii) 'n hernieude geloofspraxis vir die leef van die lewe te ontdek. Hoe geloofshulp as lewenshulp in die konteks van kinderbediening bemiddel kan word, is die vraagstuk waarin hierdie studie geïnteresseerd is.

In die wetenskapveld van praktiese teologie word Christelike geloofsgemeenskappe se bemoeienismaking met kinders deur die lens van kinderbediening bestudeer. Kinderbediening is hoe die geloofsgemeenskap, as liggaam van Christus, die koms van God se Woord aan kinders bemiddel. Dié bediening word op 'n gedifferensieerde en gefokusde wyse aan, met en deur kinders as geïntegreerde deel van die plaaslike gemeente gefasiliteer (Nel, 2018:242).

Vanuit 'n historiese perspektief gesien, was werk met kinders en families as deel van die studieveld van praktiese teologie grootliks gemoed met hoe om kinders in die Christelike tradisie te onderrig en groot te maak (vgl. Reader, 2008:81). In sy hoofstuk “Families, Children and Globalisation”, argumenteer John Reader (2008:81) dat praktiese teologie in 'n veel wyer studieveld van wat in die lewe van families en kinders op 'n daaglikse basis gebeur, geïnteresseer en op 'n kritiese wyse betrokke behoort te wees. Hy werp lig op hoe geloofsgemeenskappe 'n meer aktiewe rol in hedendaagse debatte oor familielewe en verhoudings kan vervul. Reader (2008:81-83) benadruk hoe belangrik dit vir praktiese teologie is om globalisering en die impak daarvan kontekstueel te verreken. Hy argumenteer dat dit globale magte is wat ingrypend die mees basiese eenheid van menslike sosiale bestaan en die ruimte waarin mense se lewens geslyp en gevorm word, impakteer. Reader (2008:81) stel die kritiese vraag:

“Do Christians fully understand the significance of the work that they are doing in this area, or is it simply a matter of getting younger people into church so that the

older generations can feel that the traditions and structures which they value will be carried on by future generations.”

Wat is dus die dominante motiverende krag en dryfveer onderliggend aan kerkgebaseerde werk met kinders? Is dit om kinders te leer en te onderrig sodat hulle vir die kerk as aktiewe lidmate behoue kan bly eerder as 'n egte besorgdheid oor en verstaan van wat die Christelike geloof vir families en kinders in 'n geglobaliseerde wêreld kan bied? (vgl. Reader, 2008:81)

In hierdie studie word met die voorveronderstelling gewerk dat kinderbediening, as 'n studieveld van praktiese teologie, se fokus nie tot die geloofsleerdimensie en die aktiewe kerklidmaatsaak beperk kan wees nie. Wanneer kinderbediening se studieveld wyer strek en erns met die geleefde realiteite, wese en spiritualiteit van kinders gemaak word, kan 'n eiesoortige bydrae gelewer word tot die konseptualisering en bemiddeling van holistiese ondersteuning aan kinders wie met ouers se werkverlies gekonfronteer word.

Annemie Dillen se werk, oor byvoorbeeld die konstruk “veerkragtigheid”, bied ons perspektief op hoe teologie 'n bydrae op interdisiplinêre vlak kan lewer tot die konseptualisering van geïntegreerde ondersteuning aan kinders vir die bevordering van hul holistiese welsyn. Sy verduidelik dat in teologiese terme kan die ontwikkeling van veerkragtigheid beskryf word as 'n werk van genade, onverdiende goedheid, 'n seëning wat mense kan ervaar (Dillen, 2012:68). Die konsep “veerkragtigheid” kan ook geïnterpreteer word as wat Christene “opstanding” noem: Dit kan gesien word as 'n lewenservaring wat mense 'n kykie gee van wat opstanding kan wees (Dillen, 2012:68). Vanuit 'n teologiese perspektief verwys veerkragtigheid ook na hoop wat daarop dui dat kinders se hoopvolheid nie slegs in hul bestaan opgesluit lê nie, maar ook in hul veerkragtigheid (Dillen, 2012:68).

'n Unieke bydrae kan egter alleenlik gemaak word wanneer dit eties en strategies deur 'n diepliggende ontginning van die rykdom van geloofshulpbronne in die Christelike tradisie gerig en gestuur word. 'n Verdere voorveronderstelling wat in hierdie studie, in aansluiting by Charles Gerkin (1984:62) geld, is dat die Christelike tradisie nie voorskrifte bied nie, maar eerder oor 'n wye verskeidenheid van beelde, simbole, metafore, narratiewe temas en konsepte beskik wat ons met 'n taal voorsien waarvolgens teologiese refleksie, 'n integrasie van geloof en lewe, kan geskied.

In Groome se 1980 boek, *Christian Religious Education*, 'n klassieke werk in praktiese teologie, belig Groome kreatiewe verbeelding wat hom toelaat om die belang van hoop as 'n Goddelike gawe en 'n menslike vermoë te ondersoek en om die gelyktydigheid van verlede, hede en toekoms

raak te sien. So ook ondersteun sy aandag aan geheue in die konteks van Christelike religieuse opvoeding kritiese bemoeienismaking met die verlede, om so die beheer daarvan op die hede en toekoms te verminder. In hierdie studie word geargumenteer dat Christelike geloofsgemeenskappe oor 'n rykdom van hulpbronne beskik om geloofshulp as lewenshulp vir kinders te bemiddel. Is emansipasie, bevryding, verlossing en opstanding vir kinders in die konteks van Covid-19 en werksverlies dus moontlik in en deur geloofsgemeenskappe se kinderbediening?

In aansluiting by die werk van Groome (1980), is hierdie studie geïnteresseerd in die waarde van 'n geloofstaal, kritiese geheue en kreatiewe verbeelding in die konteks van kinderbediening met 'n fokus op kinders wie se holistiese welsyn deur Covid-19 en werkverlies aangeraak word. Groome se "Shared Praxis Approach" word gevolglik as teoretiese raamwerk in hierdie prakties-teologiese studie benut, vanweë die fokus op integrasie van geloof en lewe in die konteks van Christelike geloofsvorming en pastorale bediening gerig op kinders (vgl. Groome, 1991).

1.2 Navorsingsvraag

Kinders word op verskeie maniere deur die werksverlies van hul ouers geraak. Kinders benodig holistiese ondersteuning tydens hierdie moeilike omstandighede wat geloofshulp insluit. Die vraag ontstaan hoe kinders in en deur kinderbediening bemagtig kan word om hul geloof met hul lewe te integreer, ten einde in 'n situasie van Covid-19 en werksverlies te kan floreer.

1.2.1 Subvrae wat voortspruit uit die navorsingsvraag

- Wat is die effek van werksverlies tydens Covid-19 op kinders en watter uitdagings stel dit aan hulle daaglikse lewe?
- Wat is die teologiese betekenis van die konsep florerende en hoe kan dit perspektief bied op geloofshulp as lewenshulp vir kinders?
- Hoe kan geloofsgemeenskappe geloofshulp as lewenshulp bemiddel vir kinders om sin van hul omstandighede te kan maak en daarin te floreer?

1.3 Sentrale doelstelling van die studie

Die sentrale doelstelling van die studie is om, vanuit 'n prakties-teologiese perspektief, ondersoek in te stel na hoe kinders in die konteks van kinderbediening begelei kan word om vanuit hul geloofshulpbronne sin te maak van hulle omstandighede en om ten spyte van hul omstandighede te floreer.

1.3.1 Doelstellings wat voortspruit vanuit die sentrale doelstelling

- Om vanuit 'n interdisiplinêre perspektief ondersoek in te stel na die effek van Covid-19 en werkverlies op kinders en die uitdagings daarvan vir hul daaglikse lewe.
- Om die teologiese betekenis van die konsep florerings as 'n perspektief op geloofshulp as lewenshulp vir kinders te ondersoek en te beskryf.
- Om prakties-teologiese perspektiewe te formuleer oor hoe gemeentelike kinderbediening geloofshulp (geloofshulpbronne) as lewenshulp kan benut om kinders te bemagtig om sin te maak van hul omstandighede en daarin te floreer.

1.4 Sentrale teoretiese argument

Kinders wie se ouers hul werk verloor het kan met geloofshulp as lewenshulp, in die konteks van gemeentelike kinderbediening, begelei word om van hul omstandighede sin te maak en daarin te floreer.

1.5 Bestaande navorsing en navorsingleemte

Om die belang van die studie te bepaal is verskeie databasisse op NWU se aanlynbiblioteek benut om vas te stel wat huidige navorsing sê rakende die effek van werksverlies van ouers op hul kinders sowel as die vermoë van kinders tot veerkragtigheid en florerings. Die databasisse wat hoofsaaklik gebruik is, is EBSCOhost en JSTOR. Die databasisse was gebruik om frases soos "jobloss of parents" en "resilience in children" op te soek om te bepaal wat huidige navorsing rakende die onderwerp sê.

Die soektog het verskeie bronne verskaf wat praat oor veerkragtigheid in kinders en jeug sowel as familie veerkragtigheid. Die bronne het ook gedui op die belangrikheid om betekenis in situasies te vind, die waarde van sosiale ondersteuning sowel as die rol van geloof. Al was daar inligting oor veerkragtigheid, wil dit voorkom asof daar 'n leemte bestaan aan navorsing wat fokus op hoe kinders holisties en op 'n geïntegreerde wyse ondersteun kan word. Dit blyk dat daar 'n behoefte bestaan aan navorsing wat aandag gee aan hoe geloofshulpbronne benut kan word om kinders, wat deur die werksverlies van hul ouers geaffekteer word, te ondersteun.

Gegrand op die uitkomst van die datasoektog, is hierdie studie in die wetenskapveld van praktiese teologie geïntegreer, aangesien dit fokus op hoe geloofshulpbronne as lewenshulp gebruik kan word om kinders wie se ouers hul werk verloor het, holisties te ondersteun.

1.6 Metodologie

Vir die doel van hierdie prakties-teologiese studie word 'n kwalitatiewe literatuurstudie van beide 'n interdisciplinêre kinderstudie en 'n kinderbediening perspektief onderneem, ten einde 'n meer proaktiewe, strategies beplande, kindgefokusde respons tot toekomstige vroeë van Covid-19 en gepaardgaande werksverlies te informeer. Van 'n interdisciplinêre kinderstudie perspektief gaan resente navorsing oor die impak van Covid-19 op kinders wat deur die Kinderinstituut van Universiteit Kaapstad in 2021 gepubliseer is, gebruik word. Die navorsingsbevindinge is in 'n reeks van "advocacy briefs" wat op dienslewering deur die verskillende regeringsektore gerig is, aangebied. Hierdie databron word bestudeer om geleenthede vir geloofsgemeenskappe te identifiseer vir aktiewe deelname in die ondersteuning van kinders op 'n holistiese en geïntegreerde wyse tydens die Covid-19-pandemie en ander toekomstige krisisse.

Van 'n kinderbediening perspektief gaan die fokus geplaas word op die "Shared Christian Praxis Approach" van Thomas Groome. Hierdie benadering tot Christelike opvoeding en pastorale bediening is goed met die tema van geloofshulp as lewenshulp bely. Hermeneutiese teorie, en in Sally A. Brown se opinie 'n ryk samespel van hermeneutiese teorieë, word deur Groome ingespan met die gebruik van die hermeneutiese sleutel van "shared praxis" (vgl. Brown, 2014:118). Met hierdie hermeneutiese sleutel word die bewegings van lewe, geloof en hernieuwe geloofspraxis in spanning gehou.

Groome se benadering bied vir hierdie studie 'n konseptuele raamwerk waarvolgens daar by praktyk begin word en deur fases van interpretasie en refleksie beweeg word om by hernude en hernubare praktyk as die doel uit te kom. Toegepas op die onderwerpveld van hierdie studie, word bepaal wat individuele en gedeelde heersende aksies rakende die impak van Covid-19 en werksverlies op families en spesifiek kinders illustreer. Hierdie benoeming van die huidige praxis stimuleer meer kritiese refleksie oor die denke, redes, belange, voorveronderstellings en ideologieë, die sosio-historiese oorsake en die gevolge wat onderliggend aan die praktyk lê.

Volgens Groome (2009:763) fokus die benadering daarop om mense aan te moedig om hul lewe met hul geloof en hul geloof met hul lewe te integreer. Hierdie benadering is relevant tot die studie, aangesien die studie 'n verdiepte verstaan wil bevorder van wat in kinders, wie se ouers werksverlies ervaar, se geleefde wêreld aan die gebeur is. Dit is dan vanuit 'n meer ingeligte posisie oor die konteks en situasie wat teologiese refleksie geskied wat 'n induktiewe en dialogiese proses van interpretasie impliseer.

Hierdie benadering kan in die konteks van empiriese navorsing in gesprek met kinders gevolg word deur kinders uit te nooi om oor lewens kwessies na te dink, bewus te wees van die kragtige hulpbron van geloofswysheid vir hul daaglikse lewe en lewensbesluite, met behulp van die onderskeidingsvermoë wat hul geloof bied, te neem (Groome, 2009:763). In hierdie studie gaan die “Shared Christian Praxis Approach”, deur middel van ’n literatuurstudie, gevolg word om in diepte die aard en omvang van die benadering in verhouding tot die vraagstuk van ouers se werksverlies en die geloofspratyk van gemeentelike kinderbediening in die ondersteuning van kinders te ondersoek.

’n Doelbewuste keuse word gemaak om met die verkenning van die ondersoekveld en Groome se prakties-teologiese metodologie nie kinders in empiriese navorsing in te sluit nie. ’n Studie met kinders as deelnemers kan wel gedoen word vir navorsing op doktrale- vlak, geskoei op die bevindinge uit hierdie studie. Die fokus van hierdie studie is om vertrouwd te raak met die “Shared Christian Praxis” hermeneutiese benadering en dit as ’n konseptuele raamwerk in te span in die bestudering van die geïdentifiseerde probleemveld.

In Groome (2009:772) se benadering is daar vyf bewegings of stappe wat in die metodologie gevolg kan word. Aangesien sommige stappe met mekaar verband hou, sal die drie stappe wat bo genoem word (lewe, geloof en hernude geloofspratyk) gebruik word as hoofstukke en sal die vyf stappe van Groome onder die drie onderstaande bewegings ingedeel word.

Lewe

Onder dié stap sal die eerste twee bewegings bespreek word. Die eerste stap is om die tema (soos in die huidige “Praktyk”) uit te druk (Groome, 2009:772). In dié stap word die tema van ouers se werkloosheid in die konteks van Covid-19 beskryf deur na die perspektiewe van kinders rakende die situasie te luister. Die stap van “luister” gaan hoofsaaklik uitgevoer word deur gebruik te maak van bevindinge van bestaande navorsing wat handel oor die effek van werksverlies van ouers op kinders.

Die tweede stap is om te besin oor die lewe/geloof (Groome, 2009:772). Die doel van die stap is om mense aan te moedig om oor hul situasie na te dink (Groome, 2009:773). Dus, kan kinders aangemoedig word om na te dink waarom dinge is soos wat dit is (werksverlies), wat hulle dink die betekenis daarvan is, ensovoorts. Aangesien kinders nie in hierdie studie aan empiriese navorsing sal deelneem nie, sal hierdie stap van sosiale analise deur die navorser self, deur middel van ’n interdisiplinêre ondersoek, onderneem word. Tydens hierdie stap word ook op

bestaande navorsing wat oor die spesifieke onderwerpveld onderneem is, gesteun. Hierdie eerste twee stappe sal in hoofstuk twee van die studie gevolg word.

Geloof

Onder die stap van geloof sal die derde en vierde stap bespreek word. Die derde stap is om te fokus op die Christelike verhaal en visie rondom die tema (Groome, 2009:773). In die stap gaan dit daarvoor om die Christelike storie en visie rakende die tema te ondersoek. Dus, sal die stap daarop gefokus wees om 'n teologiese refleksie te doen oor wat in die vorige fase bevind is, en om dit in gesprek met die konsep van florerings te bring. Daar word gekyk na watter perspektief die teologiese hulpbron van florerings na vore kan bring, ten einde vas te stel hoe mense vanuit 'n geloofsperspektief kan reageer (Groome, 2009:773). Vir hierdie doeleindes van die studie gaan die konsep van "florerings" ondersoek word as 'n teologiese perspektief op geloofshulp as lewenshulp vir kinders wat met ouers se werksverlies gekonfronteer word.

Die konsep van florerings wat beteken om 'n lewe van oorvloed voluit en vrylik in verhouding met God, mens en die skepping te leef (vgl. Marais, 2014:171-172), gaan in hierdie stap in gesprek gebring word met terme soos welstand, genesing en lewensvervulling met 'n fokus op kinders se welwees en vermoë tot veerkrachtigheid.

Die vierde stap is om die wysheid wat geleer is te internaliseer (Groome, 2009:774). Dit gaan daarvoor om te reflekteer oor wat wysheid in die Christelike geloof vir hul eie lewe beteken en impliseer. Dus, fokus die stap daarop om te kyk hoe kinders hul lewens, in konteks van hul ouers se werksverlies, kan sien vanuit 'n teologiese perspektief. Hierdie oefening van teologiese refleksie sal in hoofstuk drie aan die orde kom.

Hernieuende geloofspraktyk

Die laaste stap is om besluite te neem rakende die Christen se daaglikse lewe (Groome, 2009:774). Hier word gefokus op hoe kinders begelei kan word om hul omstandighede vanuit geloofsperspektief te sien en te interpreteer. In hierdie stap word daar bespreek hoe die kontekstuele perspektiewe en teologiese beginsels wat in die vorige stappe na vore gekom het, gebruik kan word om kinders van hulp te wees om sin van hul omstandighede te maak. Hierdie stap sal binne die konteks van gemeentelike kinderbediening bespreek word en sal as die vierde hoofstuk dien. In hierdie hoofstuk sal die inhoud van geloofshulp as lewenshulp aandag geniet, met toespitsing op 'n leefwyse vir kinders om saam met God hul lewe met hul ouers se werksverlies volgens hul geloofshulpbronne te leef.

In die vyfde en laaste hoofstuk sal die opsomming, bevindinge en aanbevelings van die studie as 'n geheel aangebied word.

Om saam te vat: Drie bewegings van Groome se benadering, gegrond op hermeneutiese teorie, word in hierdie studie in spanning gehou, naamlik: lewe (werksverlies van ouers tydens Covid-19 en die effek op en uitdagings vir kinders se daaglikse lewe), geloof (wat beteken dit teologies om te floreer en watter perspektief kan die teologiese betekenis van florerings bied op geloofshulp as lewenshulp vir kinders?) en hernieude geloofspraktyk/-lewe (hoe kan geloofsgemeenskappe geloofshulp as lewenshulp bemiddel vir kinders om sin van hul lewensomstandighede te maak en daarin te floreer?).

1.7 Etiese oorwegings

Aangesien die studie slegs 'n literatuurstudie is, is daar geen kontak met deelnemers (spesifiek kinders) nie. Tydens die studie sal daar van verskeie akademiese bronne gebruik gemaak word om navorsing te doen. Vir daardie rede is dit 'n geen-risiko-studie.

1.8 Beoogde bydrae van die studie

Aangesien geloofshulpbronne as lewenshulp kan dien om, onder andere, veerkragtigheid en florerings te stimuleer, word daar in die studie met die veronderstelling gewerk dat die verhoudingskonteks van kinderbediening 'n eiesoortige bydrae kan lewer tot die holistiese ondersteuning van kinders wie se ouers hul werk verloor het. Die bydrae wat hierdie studie wil maak is om vanuit 'n prakties-teologiese perspektief lig te werp op hoe kinders in die konteks van Covid-19 en werksverlies, deur kinderbediening begelei kan word om vanuit hul geloofshulpbronne sin van hulle omstandighede te maak en om ten spyte van hul omstandighede te floreer.

1.9 Skematiese uiteensetting

Titel
Covid-19 en werksverlies: Geloofshulp as lewenshulp in kinderbediening
Navorsingsvraag

<p>Hoe kan kinders in en deur gemeentelike kinderbediening bemagtig word om hul geloof (geloofshulpbronne) met hul lewe/omstandighede (werksverlies van ouers) te integreer, ten einde in die situasie te kan floreer?</p>	
<p>Sentrale Doelstelling</p>	
<p>Die sentrale doelstelling van die studie is om vanuit 'n prakties-teologiese perspektief ondersoek in te stel op hoe kinders, in die konteks van gemeentelike kinderbediening, begelei kan word om vanuit hul geloofshulpbronne sin van hulle omstandighede te maak en om ten spyte van hul omstandighede te floreer.</p>	
<p>Doelstellings wat voortspruit vanuit die sentrale doelstelling</p>	
<ul style="list-style-type: none"> • Om vanuit 'n interdisiplinêre perspektief ondersoek in te stel na die effek van Covid-19 en werkverlies op kinders en die uitdagings daarvan vir hul daaglikse lewe. • Om die teologiese betekenis van die konsep florerings as 'n perspektief op geloofshulp as lewenshulp vir kinders te ondersoek en te beskryf. • Om prakties-teologiese perspektiewe te formuleer oor hoe gemeentelike kinderbediening geloofshulp (geloofshulpbronne) as lewenshulp kan benut om kinders te bemagtig om sin van hul omstandighede te maak en om daarin te floreer. 	
<p>Metodologie</p>	
<p>Thomas Groome se “Shared Christian Praxis Approach”</p>	
<p>Doelwit</p>	<p>Hoofstuk</p>
<p>Gee 'n oorsig van die probleem wat ondersoek word.</p>	<p>Hoofstuk 1: Inleiding</p>

<p>Bespreek wat die effek van ouers se werksverlies tydens Covid-19 op kinders is.</p>	<p>Hoofstuk 2: Covid-19 en werksverlies en die effek daarvan op kinders</p>
<p>Ondersoek die teologiese betekenis van die konsep van “florering” en wat dit impliseer vir ’n verstaan van geloofshulp as lewenshulp vir kinders.</p>	<p>Hoofstuk 3: Teologiese refleksie: florering in ’n situasie van werksverlies</p>
<p>Bespreek hoe gemeentelike kinderbediening geloofshulp (geloofshulpbronne) as lewenshulp kan benut om kinders te bemagtig om sin van hul omstandighede te maak en daarin te floreer.</p>	<p>Hoofstuk 4: Geloofshulp as lewenshulp in kinderbediening</p>
<p>Bied die studie se bevindings en aanbevelings aan.</p>	<p>Hoofstuk 5: Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings</p>

HOOFSTUK 2: COVID-19, WERKSVERLIES EN DIE EFFEK DAARVAN OP KINDERS

2.1 Inleiding

Werkverlies is 'n traumatiese ervaring wat stres in alle familieledede kan veroorsaak. Volgens Jones (1988:212) word geestesgesondheid deur verskeie dinge bepaal, onder andere, veiligheid, voeding, aanvaarding sowel as hoop vir die toekoms. Kinders wat in huishoudings grootword waar daar werkloosheid is, kan nagevolge in baie aspekte van hul lewe beleef. Die rede hiervoor is omdat kinders afhanklik van ouers en familieledede vir sorg is (Berry *et al.*, 2021).

Ouers is slegs in staat om vir kinders die nodige sorg te gee indien hulle werk, behuising, sekuriteit sowel as sosiale ondersteuning het (Tomlinson, Richter *et al.*, 2021). Daarom wanneer ouers hul werk verloor, beïnvloed dit ook hul kinders. Werkverlies het gevolglik die potensiaal om 'n negatiewe invloed op gesinne sowel as kinders te hê (Kalil, 2005).

'n Gebeurtenis wat grootskaalse werkloosheid veroorsaak het, is die Covid-19-pandemie. Die Covid-19-pandemie het daartoe gelei dat talle ouers hul werk verloor het. Vir sommige gesinne het Covid-19 slegs tot 'n verandering in lewenstyl gelei, maar vir meeste Suid-Afrikaners was dit katastrofies aangesien baie gesinne met werkloosheid, honger, geweld sowel as 'n onseker toekoms gesukkel het (Lake *et al.*, 2021).

'n Voorbeeld hiervan word deur Scott *et al.* (2021) gegee wat praat van 'n ma wat haar werk tydens die isolasietydperk verloor het. Aangesien die ma 'n enkelouer is, het dit beteken dat die familie geen inkomste gehad het nie. Die enigste geld wat hulle ontvang het, was toelae vir twee van die kinders sowel as die pensioeninkomste vir bejaardes.

Die pandemie het 'n impak op elke dimensie van kinders se welstand gehad: sorg, gesondheidsorg, voeding, geweld, geestesgesondheid en vroeë kinderontwikkeling (Lake *et al.*, 2021). Dit wys dat werkverlies van ouers amper elke aspek van kinders se lewens beïnvloed. In hierdie hoofstuk sal die gevolge van ouers se werkverlies op kinders dus meer breedvoerig bespreek word.

2.2 Die effek van ouers se werksverlies op kinders

2.2.1 Werksverlies en voeding

Een van die belangrikste aspekte wat deur werksverlies geraak word, is voeding. Volgens Hendricks *et al.* (2021:2) het 59% van Suid-Afrika se kinders voor die pandemie in huishoudings geleef waar inkomste onder die armoedegrens was. Dus, het daardie gesinne minder as R1 183 per persoon per maand beskikbaar gehad. Hendricks *et al.* wys ook daarop dat 30% van kinders in Suid-Afrika onder die voedselarmoedelyn van R585 per maand of R20 per dag geleef het. Dit beteken dat 'n derde van kinders reeds nie genoeg geld gehad het om aan hul daaglikse behoeftes te voorsien nie.

Gesinne se voeding kan nog meer afneem tydens tye van werkloosheid. Bewyse daarvan kan gesien word in Suid-Afrika waar die isolasietydperk aan die begin van die pandemie 'n groot toename in werkloosheid en gevolglik voedselonsekerheid veroorsaak het (Hendricks *et al.*, 2021:2). Die isolasietydperk was veral 'n bedreiging vir kinders se voeding en gesondheid.

Die toename in werkloosheid en kospryse het druk op arm gesinne verhoog en het sommige gesinne in armoede gedompel (Lake *et al.*, 2021). In April 2020, tydens die vlak 5-inperking, het 47% van huishoudings aangemeld dat kos opgeraak het. Daar is wel treffende bewyse dat familieledede probeer het om kinders van honger te beskerm (Hendricks *et al.*, 2021:3).

Ten spyte van gesinne se pogings om hul kinders van honger te beskerm, het kindershonger steeds hoog gebly met een uit elke sewe huishoudings wat vermeld het dat 'n kind honger beleef het tydens April van 2021 (Lake *et al.*, 2021).

Daar is ook aangemeld dat vroue hul kooppatrone verander het (Hendricks *et al.*, 2021:3). Hulle sal, byvoorbeeld, voedsel koop wat goedkoper en meer vullend is, maar min voedingstowwe het. Die probleem is egter dat kinders elke dag dieselfde kos eet en dat daardie kos gewoonlik stysel is. Dit kan kinders se gesondheid affekteer, aangesien gesinne nie meer kosse met hoë voedingswaarde kan bekostig nie (Liu & Zhao, 2014:305; Schaller & Zerpa, 2015:5).

Die probleem is dat mense reg wil eet, maar net eenvoudig nie die geld het om dit te doen nie. Soos gesê deur 'n versorger in Kaapstad: "We can only buy the basic foods now. We buy the same things over and over again. We have no choice; we have to survive" (Hendricks *et al.*, 2021:3). Dit hou probleme in vir kinders se gesondheid, aangesien dit waarskynlik die gevalle van oorgewigtheid en vetsug sal laat toeneem. Tydens die pandemie is daar wel kontantoorplasinge

en kospakkies deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) voorsien (Hendricks *et al.*, 2021:5). Kospakkies bied egter net korttermynverligting.

Volgens Tomlinson, Lake *et al.* (2021) kan 'n te kort aan voedsel tot verskeie probleme in kinders lei. Kinders met ernstige honger ervaar meer as dubbeld die angstigtheid wat kinders ervaar wat nie honger ly nie (Weinreb, 2002:1). Dit het 'n effek op gesondheid, oorlewing, kognitiewe ontwikkeling, skoolprestasie sowel as ekonomiese produktiwiteit as volwassenes (Hendricks *et al.*, 2021:1). Dit kan ook lei tot selfmoordgedagtes en pogings tot selfmoord (Jones, 1988:210-211; Tomlinson, Lake *et al.*, 2021). Dus, word dit duidelik dat 'n tekort aan voedsel verskeie nagevolge vir kinders kan inhou.

Volgens Kaiser (2012) bevind baie ouers wel dat hul werksverlies vir kinders veerkragtigheid leer. In die opsig kan werksverlies 'n positiewe uitwerking op kinders se lewe hê. 'n Mens moet wel besef dat alhoewel sommige kinders veerkragtigheid ontwikkel, is daar ander op wie werkloosheid 'n groot nadelige effek kan hê, veral vir die wat naby die broodlyn leef (Kaiser, 2012). Dit wys dat die nagevolge van werkloosheid van gesin tot gesin en van kind tot kind verskil (Wrightman, 2009:7). Dit beteken dat geen ouer of kind immuun teen die moontlike gevolge van werksverlies is nie.

2.2.2 Werksverlies en gesondheid

Werksverlies van ouers kan ook die gesondheid van kinders beïnvloed. Een van die maniere waarop werksverlies kinders se gesondheid kan affekteer is deur die tyd wat ouers aan hul kinders bestee (Liu & Zhao, 2014:305). Wanneer ouers hul werk verloor, is hulle in staat om meer tyd aan die sorg van hul kinders te bestee. In hierdie opsig kan werksverlies op 'n positiewe wyse tot die gesondheid van kinders bydra.

Wat wel belangrik is om in ag te neem, is dat stres wat ouers tydens die tydperk ervaar die kwaliteit van sorg wat die kind van ouers ontvang, kan beïnvloed (Schaller & Zerpa, 2015:6). Dit kan 'n negatiewe invloed op die gesondheid van kinders hê. Dit word bevestig deur Schaller en Zerpa (2015:4) wat bevind het dat werksverlies van ouers soms tot angstigtheid en depressie in kinders kan lei. Daar is ook 'n moontlikheid dat dit insidente van besering kan verhoog.

Daar is wel sommige gevalle waar werksverlies van ouers tot 'n afname in aansteeklike siektes kan lei. Meer hiervan word gesê in [Besprekingspunt 2.2.7](#). 'n Moontlike rede vir die afname in aansteeklike siektes kan wees as gevolg van die waarskynlikheid dat diagnosis en behandeling verminder word (Schaller & Zerpa, 2015:9).

Die rede hiervoor is omdat werksverlies van ouers daartoe kan lei dat die gesin gesondheidsversekering wat deur die werkgewer voorsien word, verloor. Dit kan 'n afname in voorkomende gesondheidsorg, die behandeling van kroniese kondisies en die aankoop van voorgeskrewe medikasie veroorsaak (Schaller & Zerpa, 2015:5).

Vir kinders kan die effek van werksverlies op gesondheidsversekering wel bemiddel word deur gesondheidsorg wat deur die ander ouer se werkgewer voorsien word (indien dit 'n twee-ouer huisgesin is) of deur gebruik te maak van publieke gesondheidsorg (Schaller & Zerpa, 2015:5-6). Resultate bevestig dat beide ouers se werksverlies 'n afname in privaat versekering en 'n toename in publieke versekering tot gevolg het (Schaller & Zerpa, 2015:20).

2.2.3 Werksverlies en geweld

Volgens Kalil (2005) kan finansiële onsekerheid die fisiese en geestelike gesondheid van volwassenes negatief beïnvloed, aangesien finansiële onsekerheid stres op ouers plaas. Wanneer ouers hul werk verloor, beleef hulle nie net 'n afname in inkomste nie, maar hulle kan ook moontlik 'n afname in sosiale ondersteuning vanaf kollegas beleef (Lawson *et al.*, 2020:2). Hulle kan ook voel dat hulle hul doel in die lewe verloor het.

Daar is wel positiewe elemente van werksverlies, soos die geleentheid om nuwe werkseleenthede te verken, maar sulke vooruitsigte kan gedemp word deur die swak ekonomiese omstandighede wat met Covid-19 gepaard gaan (Lawson *et al.*, 2020:2). Onsekerheid op ekonomiese en gesondheidsgebied wat deur Covid-19 veroorsaak word, vererger waarskynlik ook die stres en spanning wat deur werksverlies veroorsaak word (Lawson *et al.*, 2020:8).

Die stres wat ouers ervaar kan hul emosionele gedrag affekteer en kan daartoe lei dat hulle gedrag meer wisselvallig en terughoudend is (Kalil, 2005). Gevolglik kan daar ook veranderinge in die ouer-kind verhouding plaasvind wanneer ouers hul werk verloor (Jones, 1988:207).

Volgens Lawson *et al.* (2020:2) wys die familiestresmodel dat ekonomiese onstabieliteit soos werksverlies, werkloosheid en skuld druk op familieverhoudings plaas. Die risiko vir kindermishandeling neem dan aansienlik toe soos wat stres verhoog. Volgens Lawson *et al.* (2020:2) is daar aansienlik empiriese bewyse wat hierdie model ondersteun.

Al vroeg tydens die pandemie het kinderregte-aktiviste hul kommer uitgespreek rakende die feit dat toename in werkloosheid, voedselonsekerheid en die stres van inperking tot 'n toename in kinders se blootstelling aan geweld en beserings in die huis kan lei (Lake *et al.*, 2021). Dit word

bevestig deur Mathews *et al.* (2021) wat sê dat inperkingreëls wat deur meeste lande ingestel is, om die verspreiding van Covid-19 te beperk, die potensiaal het om kinders se blootstelling aan beide opsetlike en onbedoelde beserings te verhoog. Die maatreëls het daartoe gelei dat kinders beperk was tot hul huise saam met ouers wat gestres oor verlies aan inkomste is of moontlik werkloosheid in die gesig gestaar het.

Tydens die inperking moes baie ouers ook van die huis af werk wat beteken het dat daar minder kindertoesig was. Dit het tot 'n toename in onbedoelde beserings. Suid-Afrikaanse statistiek wys dat gevalle waar kinders in die huis val met 5% toegeneem het. Dit is gevalle waar kinders uit hul versorger se arms val en ook van beddens en trappe afval (Mathews *et al.*, 2021). Brandongelukke wat hoofsaaklik in die kombuis plaasvind, het met 10% toegeneem en gevalle waar kinders deur honde gebyt word (gewoonlik die gesin se hond) het met 13% toegeneem. Die hoogste toename in die beserings het tydens vlak 5 van die inperking plaasgevind, toe almal by die huis moes bly.

In meeste gemeenskappe in Suid-Afrika bly die families in klein, eenkamerwonings (Mathews *et al.*, 2021). Dit is dus in daardie een vertrek waar alle huishoudelike aktiwiteite soos wasgoed was, kosmaak, slaap, ensovoorts plaasvind. Dit beteken dat jong kinders naby aan huishoudelike items is wat hulle moontlik kan brand (items met hitte), laat verdrink (onveilige waterhouers), val (onveilige hoogtes) of kan vergiftig (giftige huishoudelike produkte) (Mathews *et al.*, 2021). Dit is moontlik as gevolg van die toename van kinders se blootstelling aan gevaarlike huislike omgewings dat daar ook 'n toename in huisbeserings is (Mathews *et al.*, 2021).

Volgens Mathews *et al.* (2021) het Rooikruis-kinderhospitaal 'n 10% afname in opsetlike beserings vanaf 2019 tot 2020 gesien. Die hospitaal het 'n afname van 18% in seksuele misbruik sowel as 'n afname van 16% by fisiese mishandeling gevalle gesien (Mathews *et al.*, 2021). Childline het wel aangemeld dat oproepe rakende geweld en aanranding met 60% tydens die eerste inperking toegeneem het. Ten spyte daarvan, het dienste wat oop gebly het tydens die inperking soos die Thuthuzela-sorgsentrums 'n afname in gevalle gesien.

Dit is egter belangrik om te besef dat dit nie noodwendig beteken dat daar 'n afname in mishandelings was nie, maar eerder dat gevalle nie fisies by die hospitaal aangemeld was tydens die inperking nie (Mathews *et al.*, 2021). Sosiale isolasie het ook die normale ondersteuning van vriende en familie wat normaalweg eerste gekontak word as vroue of kinders in gevaar is, beperk (Mathews *et al.*, 2021). Daarom is dit minder waarskynlik om kindermishandeling op te tel, aangesien kinders minder kontak met betroubare volwassenes soos onderwysers (wat

waarskynlik die tekens van mishandeling sou optel) gehad het (Mathews *et al.*, 2021). Dit beteken dat kinders moontlik geweld by die huis ervaar het wat versteek was.

Die bekommernis van kinderregte-aktiviste word bevestig deur 'n studie deur Lawson *et al.* (2020:5). In dié studie is bevind dat werksverlies van ouers 'n assosiasie met sielkundige en fisiese kindermishandeling het. Volgens Lawson *et al.* (2020:6) was ouers se werksverlies tydens die pandemie 'n groot aanduiding van sielkundige en fisiese mishandeling van kinders. Heelwat meer ouers, as wat verwag was, het hul kinders tydens die pandemie mishandel. Een van die redes hiervoor is die werksverlies wat hulle ervaar het.

Van ouers wat hul werk verloor het, het 72,09% hul kinders sielkundig mishandel in vergelyking met 44,15% van ouers wat nie hul werk verloor het nie (Lawson *et al.*, 2020:6). By fisiese mishandeling is daar bevind dat 37,21% van ouers wat hul werk verloor het hul kinders fisies mishandel het, in vergelyking met 15,05% wat nie hul werk verloor het nie.

Volgens Lawson *et al.* (2020:7) is kinders van ouers wat hul werk verloor het, as gevolg van Covid-19, vyf keer meer waarskynlik om sielkundige mishandeling te ervaar as kinders wie se ouers nie hul werk verloor het nie. Sielkundige mishandeling sluit in om verbaal te dreig om die kinders seer te maak, verkleining sowel as bespottig. Kinders wat sielkundig mishandel is, toon hoër vlakke van aggressie, hiperaktiwiteit, gedragsprobleme, angstigheid sowel as depressie oor hul leeftyd heen (Cicchetti, 2016:195). Dus, hou werksverlies van ouers tydens Covid-19 en die sielkundige mishandeling wat daarmee gepaard gaan, 'n groot risiko in vir kinders se ontwikkeling en langtermynaanpassing.

Ouers se werksverlies was ook geassosieer met 'n toename in die waarskynlikheid van fisiese mishandeling tydens die pandemie (Lawson *et al.*, 2020:7). Fisiese mishandeling sluit in lyfstraf (slaan of slaan met 'n voorwerp), aanranding (skop en slaan ander liggaamsdele buiten hul boude) sowel as ernstige aanranding (slaan so hard as moontlik) (Lawson *et al.*, 2020:8). Dit wys dat werksverlies moontlik gevaar vir kinders inhou. Data wys wel ook dat ouers met meer finansiële stabiliteit minder geneig was om hul kinders fisies te mishandel tydens die pandemie (Lawson *et al.*, 2020:5).

Daar is verskeie redes hoekom mishandeling tydens tye van werkloosheid toeneem. Een van die redes is omdat werksverlies tot 'n toename in spanning lei (Fielding, 2020). Nog 'n rede is omdat daar 'n toename in kind-ouer kontak is tydens tye van werkloosheid (Fielding, 2020; Jones, 1988:209).

Volgens Fielding (2020) is nog 'n faktor wat bydra tot die toename van mishandeling, 'n toename in alkoholmisbruik. Dit word ondersteun deur data wat wys dat werksverlies daartoe kan lei dat ouers in riskante gedrag, soos rook en alkohol drink, betrokke kan raak (De Vogli & Santinello; 2005:391; Deb *et al.*, 2011:324; Montgomery *et al.*, 1998:25).

2.2.4 Werksverlies en sosiale ondersteuning

Nie net het ouers se werksverlies 'n effek op kinders se voeding, gesondheid en geweld nie, maar dit het ook 'n impak op hul sosiale lewe. Volgens Jones (1988:205) en Lawson *et al.* (2020:9) kan werkloosheid tot 'n verlies aan sosiale ondersteuning lei. Dit is belangrik om in ag te neem, aangesien sosiale ondersteuning 'n belangrike buffer teen psigososiale en gesondheidsmoelikhede is.

Navorsing gedoen deur Jones (1988:205) het bevind dat kontak met familie gewoonlik konstant bly of selfs 'n bietjie verbeter tydens tye van werkloosheid. Dit kan wees omdat familie verplig voel om die gesin te ondersteun. Daar is wel bevind dat kontak met mense buite die familie na werksverlies drasties verminder het (Careers Portal, 2018; Jones, 1988:205). Die rede hiervoor is omdat die gesin nie meer uitgawes wat met sosiale verhoudings gepaard gaan, kan bekostig nie. Die werkloosheid lei dan daartoe dat die gesin skaam kry en ander mense begin vermy.

Volgens Bakke (soos aangehaal deur Jones, 1988:205) is verhoudings buite die familie belangrik vir die bevordering van die familie se stabiliteit. Die rede hiervoor is omdat die verhoudings emosionele ondersteuning en bemoediging voorsien. Dit speel 'n belangrike rol in finansiële hulp, inligting oor moontlike werkseleenthede en help ook om sosiale druk te verminder. Aktiwiteite buite die huis kan stres verminder en kan afstand van kinders bied wanneer ouers gestres voel (Jones, 1988:205).

Jones (1988:205) het bevind dat vermindering in sosiale kontak 'n toename in stres kan veroorsaak. Dit is juis die sosiale kontak met mense buite die familie wat die stresvlakke van die werklose persoon bepaal het. Volgens Jones (1988:205) was gesinne met min sosiale kontak buite die huis die meeste gestres.

Die vermindering van sosiale kontak affekteer ook kinders. Volgens Jones (1988:204-205) is 'n gesin se sosio-ekonomiese status die beste aanduiding van kinders se gesondheid en ontwikkeling. Dit voorspel ook skoolmislukking sowel as gedragsprobleme.

Volgens Jones (1988:204) en Hamilton (2014) is een van die gevolge van ouers se werkloosheid dat kinders skaam kry. Dit gebeur wanneer die gesin hul status verloor terwyl ander in dieselfde

portuurgroep nie geaffekteer word nie. Elders (soos aangehaal deur Jones, 1988:204) het bevind dat kinders van werklose ouers meer selfbewus is en ook 'n laer selfbeeld het. Tieners word ook geaffekteer deur die feit dat hulle nie by hulle portuurgroep kan byhou nie en ook nie planne vir die toekoms kan maak nie. Dit kan lei tot emosionele probleme, skoolprobleme sowel as anti-sosiale gedrag.

Buss en Redburn (soos aangehaal deur Jones, 1988:205-206) sowel as Ferry (2017) wys ook dat kinders van werklose ouers meer waarskynlik is om sosiale interaksie te vermy en om gespanne verhoudings met kinders van hul portuurgroep te hê. Hulle is ook meer geneigd om ander mense moeiliker te vertrou as kinders wie se ouers nie hul werk verloor het nie. Nog iets wat kan gebeur is dat daar konflik tussen kinders en hul vriende en familie kan ontstaan (Jones, 1988:206). Die rede hiervoor is omdat kinders kritiek vanaf vriende en familie ontvang.

Dus, wys die inligting dat ouers se werksverlies daartoe kan lei dat ouers en kinders minder sosiale ondersteuning het. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem aangesien dit beteken dat daar minder mense is om hulle te help om stres te deurstaan (Jones, 1988:206).

2.2.5 Werksverlies en skoolprestasie

Volgens Rege *et al.* (2011:1462) kan ouers se werksverlies kinders se skoolprestasie op verskeie maniere beïnvloed. Dit lei tot 'n afname in kognitiewe vermoëns en 'n toename in gedragsprobleme en skorsings (DeParle, 2020; Wrightman, 2009:7). Gevolglik verhoog dit die waarskynlikheid dat kinders 'n graad sal herhaal en verlaag dit die waarskynlikheid dat kinders skool sal klaarmaak en sal studeer (DeParle, 2020; Stevens & Schaller, 2011:290; Wrightman, 2009:60).

Werksverlies lei ook tot 'n afname in verdienste. Die gebrek aan fondse kan gesinne van verskeie geleenthede ontnem (Kalil, 2005). Werksverlies sal heel moontlik beskikbare finansiële hulpbronne vir die belegging in kinders se ontwikkeling beïnvloed wat tot 'n afname in akademiese prestasie sal lei (Stevens & Schaller, 2011:292; Rege *et al.*, 2011:1462). Veral wanneer ouers hul kinders na privaat skole stuur of vir hul universiteit betaal, kan die verlies aan inkomste 'n verwoestende effek hê (Wrightman, 2009:3). Dit beteken dat 'n afname in inkomste tot gevolg het dat ouers minder opvoedkundige geleenthede vir hul kinders kan bekostig en belemmer ook hul vermoë om 'n omgewing te skep wat intelleksuele stimulasie bied (Wrightman, 2009:5).

'n Verlies aan finansies kan 'n effek op skooltoegang hê. Shung-King *et al.* (2021:3) het gewys dat ongeveer 750 000 kinders in Suid-Afrika die skool verlaat het vandat die pandemie begin het.

Dit was meestal as gevolg van gesinne wat reeds deur armoede geaffekteer was en reeds finansiëel swaargekry het.

Volgens Wrightman (2009:9) is die ekonomiese en sosiale sukses wat as 'n volwassene geniet word, afhanklik van die opvoedkundige sukses wat hy/sy as kind, tiener en jong volwassene gehad het. Indien die werksverlies van ouers tydens iemand se kinderjare hul opvoeding as jong volwassenes negatief beïnvloed, kan die gevolge na elke aspek later in hul lewe uitbrei.

Akademiese prestasie kan ook beïnvloed word wanneer gesinne op hulp vanaf die publiek moet staatmaak. Die afhanklikheid op openbare hulp sowel as die ontvangs van 'n maatskaplike toelaag kan weereens tot laer akademiese prestasie lei (Kalil, 2005). Dit kan moontlik aan die slegte assosiasie en stigmatisering wat daarmee gepaard gaan, toegeskryf word.

Uit 'n studie met 3 200 individue van die "Panel Study of Income Dynamics" is bevind dat kinders wie se ouers hul werk verloor het heelwat meer waarskynlik is om nie hoërskool te voltooi nie en minder waarskynlik is om enige tipe naskoolse onderrig teen 21 jaar te kry (Wrightman, 2009:9). Intendeel, data wys dat werksverlies van ouers geassosieer word met 'n 10% afname in die waarskynlikheid dat hoërskool voltooi sal word (Wrightman, 2009:14). Ouers se werksverlies verminder ook die waarskynlikheid dat kinders kollege toe sal gaan met amper 12%.

Die nagevolge van ouers se werksverlies op kinders se skoolprestasie kan net gedeeltelik deur veranderinge in die beskikbare hulpbronne na werksverlies verduidelik word (Wrightman, 2009:9). Dit beteken dat sielkundige reaksies moontlik ook 'n belangrike rol speel. Volgens Wrightman (2009:60-61) beïnvloed die verlies aan inkomste kinders, nie as gevolg van die verlies aan finansiële hulpbronne nie, maar eerder as gevolg van die ontwrigting wat in die familieverhoudings plaasvind.

Dit beteken egter nie dat inkomste nie 'n belangrike rol speel nie (Wrightman, 2009:60). Vanuit die ouers se perspektief is dit heel moontlik die inkomste wat die nodige stabiliteit voorsien wat nodig is om positiewe verhoudings te onderhou. Maar, van die kind se perspektief is verhoudings belangriker vir hulle welstand en gesondheid as materiële hulpbronne wat deur werk voorsien word. (Wrightman, 2009:60). Die effek kan gesien word in die tyd wat ouers aan hul kinders tydens werksverlies spandeer.

Werksverlies kan kinders se skoolprestasie beïnvloed wanneer ouers se werksverlies die tyd wat ouers aan opvoeding spandeer raak (Rege *et al.*, 2011:1463). Dit word bevestig deur Stevens en Schaller (2011:292) wat wys dat veranderinge plaasvind in die kwantiteit en kwaliteit tyd wat ouers aan hul kinders spandeer. Aan die een kant kan werksverlies daartoe lei dat ouers meer tyd saam

met hul kinders spandeer. Dit kan die waarskynlikheid van akademiese probleme verminder. Aan die ander kant kan stres wat gegaard gaan met werksverlies sowel as die soek na nuwe werk, die kwaliteit en hoeveelheid tyd wat ouers aan hul kinders spandeer laat afneem (Stevens & Schaller, 2011:292).

Dit kan gesien word in die lewe van 'n enkelpa wat sy werk tydens die Covid-19-pandemie verloor het (DeParle, 2020). Aan die een kant, het die verlies van sy werk daartoe gelei dat hy meer tyd saam met sy dogter spandeer het: "Watching her progress as a little person is amazing. It's not a bad thing that we're spending a little time with our families" (DeParle, 2020).

Aan die ander kant, plaas sy werkloosheid baie stres op hom en veroorsaak dit dat hy met tye ongeduldig met sy dogter raak. Na vyf verskillende rekeninginvorderaars en die bank een oggend oor sy oortrokke rekeninge gebel het, het hy sy humeur verloor en sy dogter na haar kamer gestuur. Hy sê: "She gets the short end of the stick sometimes. It's stressful not knowing where you next dollar is coming from" (DeParle, 2020). Dus, kan werksverlies kinders se skoolprestasie positief of negatief beïnvloed.

Volgens Rege *et al.* (2011:1463) kan ander ontwrigtings wat met werksverlies gegaard gaan, soos verhuising, ook 'n effek op kinders se skoolprestasie hê. Werksverlies en 'n afname in inkomste kan tot gevolg hê dat die familie moet verhuis (Kalil, 2005; Stevens & Schaller, 2011:296). Daar is bevind dat werksverlies die waarskynlikheid dat die gesin moet verhuis met 8% verhoog (Stevens & Schaller, 2011:297).

Om te verhuis kan 'n stresvolle ervaring vir kinders wees, veral as dit beteken dat die kinders na 'n nuwe skool moet gaan en nuwe vriende moet maak (Stevens & Schaller, 2011:296). Dit is ook moontlik dat indien die familie verhuis in die middel van die jaar dat die kind 'n jaar sal moet oordoen om aan die nuwe skool se vereistes te voldoen.

Residensiële onstabieleit kan verskeie gevolge vir kinders hê. Residensiële verskuiwing wat roetines ontwig en met sosiale netwerke en ondersteuning inmeng, word met 'n toename in sielkundige stres geassosieer (Stevens & Schaller, 2011:296). Volgens Huerta (2013:6) vaar kinders wat residensiële onstabieleit ervaar swakker op akademiese en sosiale gebied as kinders wat in stabiele residensiële omstandighede grootword.

Werksverlies kan ook tot egskeiding lei wat gevolglik 'n effek op kinders se totale welwees, maar ook skoolprestasie, kan hê (Rege *et al.*, 2011:1463; Stevens & Schaller, 2011:296; Wrightman, 2009:5). Daar word bevind dat werksverlies die waarskynlikheid van egskeiding met 3% laat

toeneem (Stevens & Schaller, 2011:297). Charles en Stephens (2004:27) het ook 'n toename in die waarskynlikheid van egskeidings na werksverlies gevind.

Die stres wat met egskeidings gepaard gaan, kan ouers emosioneel beïnvloed en onbetrokke en wisselvallige gedrag tot gevolg hê (Wrightman, 2009:5). Dit kan ook ouers se vermoë om na kinders se sosiale, emosionele en intellektuele behoeftes om te sien beïnvloed (Wrightman, 2009:6). Ontoepaslike ouerskap kan gevolglik tot swak skoolprestasie lei.

2.2.6 Werksverlies en die toekoms

Werksverlies van ouers kan kinders se toekoms ook op verskeie maniere beïnvloed. Eerstens kan ouers se werksverlies tot rolveranderinge binne die gesin lei (Jones, 1988:202). Dit gebeur as 'n poging om die krisis te hanteer. Die besluite wat families neem om deur die skielike ekonomiese moeilikhede te kom, kan op die lange duur nadelig vir kinders wees (Jones, 1988:201).

Werkloosheid van 'n gesinslid kan daartoe lei dat meer as een van die gesinslede moet begin werk (Jones, 1988:203). Aanpassings soos dié is nodig, veral as die persoon wat hul werk verloor het nie werk vind nie of werk met 'n laer inkomste vind (Jones 1988:204).

In gevalle waar die ma 'n huisvrou was sal die gesin gewoonlik die ma stuur om te gaan werk (Jones, 1988:203). Aangesien meeste vroue deesdae in elk geval werk is dit egter nie meer 'n opsie vir meeste gesinne nie. Wanneer die vrou wel haar werk verloor, het dit daarom meer ernstige nagevolge as in die verlede (Gush *et al.*, 2015:705; Jones, 1988:203-204). Wanneer 'n ma wel 'n huisvrou was en sy skielik moet begin werk, kan dit 'n effek op kinders hê wat nog baie aan hul ma geheg is (Jones, 1988:204).

Daar is ook 'n gevaar dat kinders in misdaad betrokke kan raak as 'n manier om inkomste te verdien om hul huishouding te ondersteun (Jones, 1988:207). Indien tieners by misdaad betrokke raak, kan dit toekomstige werksgeleenthede verminder en kan geleenthede om verdere onderrig te ontvang belemmer word.

Werksverlies van ouers kan ook kinders se siening rakende toekomstige werksgeleenthede beïnvloed (Barling *et al.*, 1998:112; Kalil, 2005). Wanneer kinders waarneem dat ouers by hul werk betrokke is en tevrede is, verbeter dit kinders se welstand en ontwikkel kinders 'n positiewe werkshouding (Barling *et al.*, 1998:112). Indien kinders egter sien hoe ouers hul werk verloor, ten spyte van hul beste poging, is dit onwaarskynlik dat kinders sal glo dat dit goed is om hard te werk of dat harde werk sal verseker dat 'n mens nie jou werk sal verloor nie (Barling *et al.*,

1998:113). Wanneer kinders aanskou hoe ouers hul werk verloor sal kinders heel moontlik ook nie glo dat werk vervulling kan bring of dat dit 'n bron van groei en ontwikkeling kan wees nie.

Ouers se negatiewe werkservarings kan wel kinders motiveer om skool te voltooi en 'n meer stabiele werk te kry as wat hul ouers het (Kalil, 2005). Aan die ander kant, kan kinders 'n pessimistiese siening rakende werk ontwikkel. Dit kan dan tot 'n afname in motivering lei sowel as 'n gedrag van onbetrokkenheid by hul skool en uiteindelik ook by hul werk (Barling *et al.*, 1998:113, Kalil, 2005).

2.2.7 Werksverlies en die geslag van die ouer

Data het getoon dat die werksverlies van ouers kinders op verskeie maniere kan beïnvloed. Dit is egter ook belangrik om uit te wys dat die nagevolge van ouers se werksverlies op hul kinders kan verskil afhangend van die geslag van die ouer wat hul werk verloor het.

Navorsing in sielkunde en sosiologie wys dat die effek van werkloosheid gewoonlik groter is wanneer pa's hul werk verloor. Dit word bevestig deur Liu en Zhao (2014:303) wat bevind het dat die werksverlies van 'n pa 'n groot negatiewe effek op kinders se gesondheid het. Die rede hiervoor is omdat mans se werksverlies in die meeste gevalle 'n groter skok vir die familie se inkomste veroorsaak.

Werksverlies het ook 'n groter geestelike effek op mans as op vroue en veroorsaak gewoonlik meer stres in mans as in vroue (Liu & Zhao, 2014:315, Rege *et al.*, 2011:1484). Die rede hiervoor is omdat mans se identiteit grotendeels verbind is aan die werk wat hulle doen. Dit wil sê alhoewel daar dalk nuwe werkseleenthede is, kan werksverlies nadelig vir mans wees aangesien 'n groot deel van hul identiteit geheg is aan die spesifieke werk wat hulle doen (Rege *et al.*, 2011:1486).

Die geslag van die ouer het eerstens 'n effek op die tyd wat ouers aan hul kinders bestee (Liu & Zhao, 2014:305; Schaller & Zerpa, 2015:6). Die tyd wat ouers aan hul kinders spandeer, het gevolglik 'n uitwerking op kinders se gesondheid.

Soos genoem in [Besprekingspunt 2.2.2](#), kan werksverlies van ouers tot angstigheid en depressie in kinders lei en kan dit insidente van besering verhoog. Schaller en Zerpa (2015:4) het bevind dat dit juis die geval is wanneer pa's met 'n lae sosio-ekonomiese status hul werk verloor het. Daar word ook 'n toename gesien in geestesgesondheidsbesoeke na 'n pa se werksverlies. Resultate wys dat hoe langer pa's se werksverlies duur hoe groter is die negatiewe impak op kinders se gesondheid (Liu & Zhao, 2014:313). Vir kinders uit meer bevoorregte families, is die negatiewe effek van pa's se werksverlies egter swak of nie bestaande (Schaller & Zerpa, 2015:5).

In kontras met pa's se werksverlies, is daar bevind dat ma's se werksverlies nie 'n noemenswaardige effek op kinders se gesondheid of geestesgesondheid het nie (Liu & Zhao, 2014:303; Schaller & Zerpa, 2015:17). Inteendeel, daar is bevind dat ma's met 'n hoë sosio-ekonomiese status se werksverlies kinders se insidente van aansteeklike siektes met 7-8% verlaag (Schaller & Zerpa, 2015:4, 17). Data toon ook 'n afname in die gebruik van voorskifmedisyne na 'n ma se werksverlies (Schaller & Zerpa, 2015:4-5).

Die rede hiervoor is omdat werksverlies daartoe kan lei dat ouers (meer spesifiek ma's) meer tyd aan die sorg van hul kinders spandeer wat moontlik die hoeveelheid gesondheidsorg wat die kind ontvang, laat toeneem (Schaller & Zerpa, 2015:6). Dit word bevestig deur navorsing wat wys dat ma's meer geneigd is om meer tyd saam met hul kinders te spandeer na werksverlies. Die rede hiervoor is omdat vroue geneigd is om huishoudelike pligte en versorgingsrolle tydens tye van werkloosheid aan te neem. Dus, wanneer ma's hul werk verloor, kan dit 'n toename in tyd en kwaliteit van kindersorg tot gevolg hê wat ook 'n positiewe effek op kinders se gesondheid kan hê.

Nog 'n moontlike rede vir die afname in aansteeklike siektes is dat beskikbaarheid van ouers en verlies aan inkomste daartoe kan lei dat kinders minder tyd in plekke soos nasorg, kleuterskool en na-uurse aktiwiteite spandeer (Schaller & Zerpa, 2015:6). Dit kan hulle blootstelling aan siektes sowel as die waarskynlikheid vir beserings verminder.

Aangesien die ma nie meer by die werk is nie, kan die afname in ma's se blootstelling aan aansteeklike siektes ook die afname van aansteeklike siektes in kinders verduidelik (Schaller & Zerpa, 2015:18). Die resultate toon dus dat ma's se werksverlies voordelig vir kinders se gesondheid kan wees indien die moeder kindersorg op haarself neem, in plaas daarvan om iemand anders te kry om na die kinders om te sien (Schaller & Zerpa, 2015:5).

Kindermishandeling word ook deur die geslag van die ouer beïnvloed. Die manier hoe verskeie ouers stres probeer hanteer speel 'n belangrike rol in hoe hulle hul kinders behandel (Lawson *et al.*, 2020:3). Margolis en Farran (soos aangehaal deur Jones, 1988:208-209) het bevind dat pa's wat hul werk verloor het, drie keer meer geneigd is om hul kinders te mishandel. Light (soos aangehaal deur Jones, 1988:208-209) se data wys dat die veranderlike wat meestal opkom met kindermishandeling, die pa se werksverlies is.

Komarovsky (soos aangehaal deur Jones, 1988:209) sowel as Ferry (2017) wys dat 'n man wat sy werk verloor het, meer geïrriteerd kan optree, neerslagtig kan wees en ook magbetoning kan

toepas, gewoonlik eerder met die kinders as met sy vrou. Sulke gedrag mag wees aangesien die man magteloos met sy vrou voel, terwyl jong kinders kwesbaar is.

Die geslag van die ouer wat hul werk verloor het, kan laastens 'n effek op kinders se skoolprestasie hê. In 'n studie deur Rege *et al.* (2011:1463) is daar ondersoek hoe werksverlies van ouers kinders se puntgemiddeld in hul finale jaar beïnvloed. Daar is bevind dat vaders se werksverlies 'n negatiewe impak op kinders se skoolprestasie het.

Pa's se werksverlies het kinders se puntgemiddeld in hul finale jaar met omtrent 6% laat daal. Pa's se werksverlies word ook met 'n toename in gedragsprobleme (risiko om geskors te word) en kognitiewe moeilikhede (graadherhaling) geassosieer (Wrightman, 2009:36). Indien ouers nie in staat is om hul kinders te beskerm teen die spanning wat 'n pa ervaar nie, kan dit die oorsaak wees vir die negatiewe effek op kinders se puntgemiddeld (Rege *et al.*, 2011:1486).

In kontras hiemee, word moeders se werksverlies met 'n klein toename in puntgemiddeld geassosieer (Rege *et al.*, 2011:1463) omdat werksverlies gewoonlik 'n ander uitwerking op ma's het. Volgens Yeung *et al.* (soos aangehaal deur Rege *et al.*, 2011:1486) is daar bevind dat ma's hoofsaaklik aandag gee aan huiswerk en om kinders te leer. Indien ma's dan meer aandag hieraan spandeer, wanneer hulle hul werk verloor, kan dit verduidelik hoekom daar 'n toename in kinders se puntgemiddeld is al word inkomste dalk minder.

Vroue het ook dikwels die geleentheid om kinders groot te maak eerder as om te werk. Aangesien vroue met verskeie rolle kan identifiseer (werk of kinders grootmaak), maak dit dat ma's meer aanpasbaar is wanneer dit by werksverlies kom. Statistiek wys ook dat 'n ma se inkomste gewoonlik 'n sekondêre bron van inkomste vir families is (Wrightman, 2009:57). Daarom kan ma's se werksverlies minder traumaties as die verlies van primêre inkomstebronne wees.

Dus, wys data dat pa's se werksverlies die protesiaal het om 'n groter nadelige effek op kinders se gesondheid, mishandeling sowel as skoolprestasie te hê. Ma's se werksverlies, indien hulle daardie tyd aan hul kinders spandeer, kan moontlik tot positiewe uitkomst lei.

2.3 Samevatting

Wanneer die bogenoemde inligting in ag geneem word, word dit duidelik dat amper elke aspek van kinders se lewens deur ouers se werksverlies geraak word. Dit raak kinders se basiese behoeftes, soos voeding, en het 'n effek op hul gesondheid. Dit kan ook daartoe lei dat hulle geweld ervaar en beïnvloed belangrike aspekte van hul lewens soos sosiale ondersteuning, skoolprestasie en toekomstige werkseleenthede.

Wanneer hierdie aspekte beïnvloed word, kan dit tot verskeie nagevolge soos sielkundige en fisiese mishandeling sowel as verlies aan sosiale ondersteuning lei. Dit kan ook verskeie negatiewe gevolge op kinders se selfbeeld, emosies, skoolprestasie, verhoudings, ensovoorts hê. Ouers se werksverlies kan gedragsprobleme in kinders veroorsaak en verhoog die waarskynlikheid dat hulle 'n graad sal moet herhaal. Dit verminder die waarskynlikheid dat hulle skool sal voltooi of na die tyd sal studeer.

Werksverlies van ouers kan ook daartoe lei dat kinders by misdaad betrokke raak om geld te verdien. Dit belemmer toekomstige werksgeleenthede. Saam met dit kan ouers se werksverlies 'n negatiewe effek op kinders se siening rakende toekomstige werksgeleenthede hê.

Navorsing het gewys dat die gevolge van werksverlies kan verskil afhangend van watter ouer hul werk verloor het. Daar is bevind dat pa's se werksverlies verskeie negatiewe effekte op kinders se gesondheid en skoolprestasie kan hê. Pa's se werksverlies verhoog ook die waarskynlikheid dat kindermishandeling sal plaasvind. Ma's se werksverlies, aan die ander kant, kan voordelig vir kinders wees indien die ma meer aandag aan kinders tydens tye van werkloosheid gee.

Sommige ouers het wel bevind dat hul werksverlies vir kinders veerkragtigheid leer. Nie net kan dit kinders veerkragtigheid leer nie, maar dit kan maak dat ouers meer tyd saam met hul kinders deurbring. In gevalle van ma's se werksverlies kan kinders se gesondheid en skoolprestasie selfs toeneem. Nog 'n positiewe gevolg is dat ouers se werksverlies kinders kan motiveer om 'n meer stabiele werk as hul ouers te kry. Dit beteken dat werksverlies in sommige gevalle 'n positiewe uitwerking op kinders se lewe kan hê.

Daar is wel ook gewys dat alhoewel sommige kinders veerkragtigheid ontwikkel, daar ander is op wie werkloosheid 'n groot negatiewe effek kan hê. Dus, is daar steeds 'n kans dat enige kinders negatief deur die werksverlies van ouers beïnvloed kan word.

Daarom is dit noodsaaklik om kinders en hul ouers met hulpbronne toe te rus wat hulle kan help om veerkragtigheid te ontwikkel. Christelike kerke is in staat om verskeie bronne te gebruik om kinders hiermee te help. Gevolglik sal die volgende hoofstuk bespreek watter geloofshulpbronne kinders kan help om van hulle omstandighede sin te maak en om ten spyte van hul omstandighede te floreer.

HOOFSTUK 3: TEOLOGIESE REFLEKSIE: FLORERING IN 'N SITUASIE VAN WERKSVERLIES

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is bespreek hoe die werksverlies van ouers verskeie nagevolge vir kinders inhou. Alhoewel werksverlies van ouers soms positiewe uitkomst kan hê, het dit steeds die potensiaal om verskeie negatiewe nagevolge voort te bring. Daarom is dit belangrik om kinders met hulpbronne toe te rus wat hulle kan help om veerkragtigheid te ontwikkel en sodoende te floreer ten spyte van hul omstandighede.

Daarom sal die hoofstuk op stap 3 en 4 van Groome se model fokus. Die doel van die hoofstuk is om geloofshulpbronne te identifiseer wat kinders kan help om veerkragtigheid te ontwikkel en gevolglik te floreer ten spyte van hul ouers se werksverlies. Dit is daarom gefokus op die derde stap van Groome se model, aangesien daar gekyk sal word hoe mense vanuit 'n geloofsperspektief op hul omstandighede kan reageer (Groome, 2009:773). Die hoofstuk sal ook voorbeelde gee van hoe kinders die geloofshulpbronne geïnternaliseer het en sodoende in hul lewe gebruik het. Dit het betrekking op die vierde stap van Groome se model (Groome, 2009:774).

Dit sal gedoen word deur eers die betekenis van veerkragtigheid en floreering te bespreek, dan sal hulpbronne wat tot veerkragtigheid en florering lei, uiteengesit word. Dit sal gedoen word deur eerstens op geloofshulpbronne te fokus wat met kinders se verhouding met God te doen het. Daarna sal geloofshulpbronne wat te doen het met kinders se verhouding met ander mense bespreek word.

3.2 Definieering van veerkragtigheid en florering

Volgens Dillen (2012:62) was sielkunde wetenskaplikes in die verlede geneig om op probleme te fokus eerder as op faktore wat mense kan help om te floreer. Die afgelope tyd het sielkundiges egter ook aandag aan die konsep van veerkragtigheid begin gee. Dit is omdat veerkragtigheid op positiewe elemente gefokus is wat mense help om te floreer. Dus, is beide veerkragtigheid en florering belangrike terme vir die verstaan van die hoofstuk. Voordat hulpbronne wat mense help om te floreer, bespreek kan word, is dit belangrik om eers te bespreek wat veerkragtigheid en florering is.

Die term veerkragtigheid kom van die Engelse werkwoord "resile" wat verwys na wanneer 'n voorwerp terugspring of sy oorspronklike vorm en grootte aanneem na dit gestrek of gebuig is

(Achour & Nor, 2014:14; Sippel *et al.*, 2015:1). Daarom kan veerkrachtigheid gedefinieer word as die vermoë om te floreer en te groei in volwassenheid en bevoegdheid te midde van ongunstige omstandighede en struikelblokke (soos aangehaal deur Nel, 2014:124). Meer spesifiek, vir die studie verwys veerkrachtigheid na kinders se vermoë om moeilike situasies te hanteer en om te groei deur die ervaring van daardie probleme (Dillen, 2012:62).

Veerkrachtigheid speel daarom 'n belangrike rol in mens se lewe, aangesien dit mens help om moeilike lewensomstandighede op 'n effektiewe manier te hanteer (Achour & Nor, 2014:16). Dit help mens om makliker by moeilike omstandighede aan te pas en vergroot hul kans om suksesvol, gesond en gelukkig in die toekoms te wees. Veerkrachtigheid kan ook geestesgesondheid beskerm en die negatiewe effekte van 'n krisis versag (Li *et al.*, 2021:3). Dit word gedoen deur hulpbronne te benut om welstand te volhou (Sippel *et al.*, 2015:1).

Florerings, aan die ander kant, is wanneer iemand suksesvol groei of ontwikkel (Cambridge Dictionary). Volgens Ackerman (2018) is florerings om vervulling in ons lewens te vind. Wanneer mense floreer is daar verskeie positiewe gevolge wat dit kan inhou. Mense wat floreer voel gewoonlik minder hopeloos, het meer duidelike doelwitte, het meer goeie verhoudings en het 'n laer risiko vir verskeie siektes (Ackerman, 2018).

Dit is belangrik om te weet dat florerings nie 'n karaktereienskap is of iets is wat iemand het of nie het nie (Ackerman, 2018). Florerings is eerder iets wat enige iemand kan beleef. Dus, wanneer die bogenoemde definisies in ag geneem word, word dit duidelik dat enige iemand die vermoë het om te groei, te ontwikkel en vervulling te beleef.

Een van die komponente van florerings, is veerkrachtigheid (Ackerman, 2018; Rothmann, 2014:224). Veerkrachtigheid is die vermoë om terug te spring en te groei/te floreer te midde van ongunstige omstandighede. Soos wat veerkrachtigheid bevorder word, ontwikkel mens die vermoë om te groei/te floreer.

Die twee terme het daarom 'n noue band en word gevolglik in die studie saam gebruik. Dit beteken dat hulpbronne wat mense help om veerkrachtigheid te ontwikkel ook mense sal help om te groei of te floreer.

Risiko faktore en beskermende faktore speel 'n belangrike rol in veerkrachtigheid en florerings. Volgens Dillen (2012:65) is risikofaktore elemente in die persoonlikheid van 'n persoon, in die gesin en/breër konteks, wat 'n risiko bied vir die welstand van die persoon of sy/haar gesin. Beskermende faktore aan die ander kant is kenmerke van 'n individu, gesin of breër konteks wat die negatiewe invloed van risikofaktore kan voorkom (Dillen, 2012:65). Sommige faktore kan ook

soms dubbelsinnig wees, wat beteken dat hulle as risikofaktore gesien kan word, maar ook positiewe effekte kan hê.

Wanneer dit by beskermende faktore kom, verwys Gunnestad (soos aangehaal deur Gunnestad & Thwala, 2011:169) na verskillende kategorieë van beskermende faktore wat veerkragtigheid produseer. Twee van die kategorieë wat genoem word, is sosiale ondersteuning sowel as geloof. Dit beteken dat sosiale verhoudings sowel as geloof tot veerkragtigheid en florerings kan bydra. Die eerste aspek wat bespreek sal word, is sosiale verhoudings. Daarna sal geloof of godsdiens bespreek word.

Volgens Dillen (2012:63) en Li *et al.* (2021:3) is verhoudings/sosiale ondersteuning van groot belang wanneer dit by veerkragtigheid kom. Dit word ondersteun deur die feit dat slagoffers van seksuele misbruik dikwels getuig hoe belangrik die sorg en vriendskap van vriende, onderwysers en familieledes was om hulle te ondersteun en om veerkragtigheid te bevorder. Dieselfde konsep word by militêre veterane gevind. Volgens Sippel *et al.* (2015:2) het veterane wat meer sosiale ondersteuning gehad het, meer veerkragtig getoon. Inteendeel, Vietnamese veterane met meer sosiale ondersteuning was 180% minder waarskynlik om posttraumatische stresversteuring op te doen as Vietnamese veterane met lae sosiale ondersteuning (Boscarino, 1995:330). Dit wys dat verhoudings met ander mense veerkragtigheid kan bevorder en sodoende mense kan help om te floreer.

Dit word ondersteun deur Dillen (2012:72) wat wys dat sosiale verhoudings ook 'n belangrike rol in kinders se lewe speel, aangesien dit die kind voorsien met iemand wat na hulle kan luister en wat moeilike vrae oor God en die sin van die lewe met hulle kan behandel. Dit word ook bevestig deur Suttie (2017) wat verduidelik dat goeie sosiale verhoudings met psigologiese en fisiese welstand verbind is. Gevolglik kan sosiale verhoudings help om veerkragtigheid te bevorder, aangesien dit mense help om minder stres tydens tye van lyding te ervaar.

Die waarde van sosiale verhoudings word ook deur die Christelike geloof ondersteun. Die rede hiervoor is omdat God relasioneel is. Volgens paragraaf 1 van die inleidingshoofstuk in Duvall en Hays (2019) begeer God om 'n persoonlike verhouding met Sy mense te hê. God se begeerte om 'n persoonlike verhouding met mense te hê kan reeds in Genesis 3:8 gesien word, waar dit wys dat God in die tuin gewandel het. Volgens Hoofstuk 1, paragraaf 6 van Duvall & Hays (2019) glo meeste kommentare dat die teks impliseer dat God in die tuin gewandel het en dat dit 'n normale gebeurtenis was. Dit wys dat Adam en Eva in staat was om noue gemeenskap met God te hê.

Aangesien die Drie-enige God - Vader, Seun en Heilige Gees - relasioneel is, is mense ook relasionele wesens. Die rede hiervoor is omdat mense na die beeld van God geskape is. Dit kan gesien word in Genesis 1:27 wat sê: "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape". Dit beteken dat Christelike kerke, wanneer hulle getrou is aan hul identiteit soos beskryf deur die teologiese metafore van liggaam van Christus en familie van God, relasioneel van aard is omdat dit aan 'n relasionele God behoort. Daarom is die Christelike geloof ook belangrik vir sosiale verhoudings.

iets belangriks om van kennis te neem is dat geloof, betekenis en waardes ons verhouding met God en onself rig. Daarom kan 'n mens sê dat godsdiens ook veerkragtigheid bevorder (Nel, 2014:127). Volgens Newman (2004:106) is godsdiens 'n stel oortuigings en praktyke wat 'n god vereer. Persone toon eerbied en aanbidding deur eredienste by te woon of te bid. Dit beteken dit is 'n toestand van doen. Spiritualiteit, aan die ander kant, is wanneer mense probeer om 'n lewe te lei wat deur die gees van hul geloof ("the spirit of their faith") gelei word (Newman, 2004:106). Vanuit 'n Christelike perspektief sou dit beteken dat 'n persoon 'n lewe leef wat deur die Heilige Gees gelei word. Spiritualiteit is dus 'n toestand van bestaan.

Hierdie terme kan onderskei word, maar in sommige gevalle kan dit selfs as sinonieme gesien word (Newman, 2004:102). In hierdie studie sal die term godsdiens egter elemente van beide godsdiens en spiritualiteit insluit. Daarom is godsdiens in hierdie studie wanneer iemand God dien deur dinge te doen soos om te bid en eredienste by te woon, terwyl hy/sy ook 'n lewe leef wat deur die Heilige Gees gelei word. Godsdiens kan gevolglik 'n toestand van doen en bestaan wees.

Volgens Mountain (2005:293) dien godsdienstigheid as 'n beskermende faktor wanneer dit by die emosionele welstand van kinders kom. Inteendeel, toegewydheid en deelname in godsdienstige aktiwiteite word met groei ten spyte van trauma verbind (Harris *et al.*, 2010:27). Dit word ook geassosieer met meer effektiewe hanteringstrategieë (Muench, 2011:1). Godsdienstige hanteringstrategieë kan lei tot 'n afname in sielkundige probleme en bevorder spirituele en sielkundige groei ten spyte van stresvolle situasies (soos aangehaal deur Muench, 2011:2).

'n Studie wat die belangrikheid van godsdiens, in die bevordering van veerkragtigheid ondersteun is deur Gunnestad geskryf (soos aangehaal deur Gunnestad & Thwala, 2011:174). In hierdie studie is kinders gevra om na te dink oor 'n krisis wat hulle ervaar het en om te deel wat hulle gehelp het om die krisis te hanteer. Uit 'n groep van 29 Zambiese kinders het 25 van hulle iets genoem wat met godsdiens verband hou. In 'n ander groep van 32 Swazi kinders het 20 van hulle melding van godsdiens gemaak.

Volgens Gunnestad en Thwala (2011:172) het verskeie studies 'n verband tussen welstand en godsdiens gevind. Die rede hiervoor is omdat godsdiens betekenis aan mense verskaf en sodoende as buffer teen stres en depressie dien.

Dit beteken dat een van die basiese dryfvere van mense, insluitend kinders, die soeke na betekenis/'n doel is (Gunnestad & Thwala, 2011:172; Mountain, 2005:295). Dit word ondersteun deur Frankle (soos aangehaal deur Gunnestad & Thwala, 2011:172) sowel as Raftopoulos en Bates (2011:160-161) wat wys dat betekenis 'n belangrike rol in die hantering van moeilike omstandighede speel. Godsdiens is juis een van die bronne wat betekenis kan skep (Gunnestad & Thwala, 2011:172).

Volgens Gunnestad en Thwala (2011:172) hou trauma 'n groot uitdaging in vir mense se begrip van betekenis en begrip van die doel van die lewe. Hier is dit ook belangrik om daarop te let dat kinders meer kwesbaar as volwassenes is wanneer dit kom by trauma. Dit word bevestig deur 'n studie wat getoon het dat kinders tussen die ouderdomme van 5 en 10 wat trauma ervaar het, meer geneig was om met posttraumatiese stresversteuring te reageer as tieners en volwassenes (Gunnestad & Thwala, 2011:172-173). Dit is hoekom dit belangrik is om in kinders se spiritualiteit te belê, aangesien dit kan bydra tot die ontwikkeling van veerkragtigheid (Dillen, 2012:63).

Om hierdie rede kan die Christelike geloof van groot waarde wees wanneer dit kom by veerkragtigheid en florering. Volgens Got Questions (2020) vergeet baie mense wat die doel van die lewe is. Hulle bereik baie dinge, soos rykdom en plesier, maar voel steeds 'n leemte ten spyte van alles wat hulle bereik het. Hierdie selfde tema kan ook in die boek van Prediker gesien word. Die skrywer van hierdie boek het alles gehad wat sy hart begeer het: rykdom, wysheid, vroue, paleise, vermaak, ensovoorts. Dan staan daar egter in Prediker 1:2 geskrywe: "Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs!".

Die skrywer wys wel in Prediker 12:13 wat betekenis aan mense se lewe kan gee: "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooië; want dit geld vir alle mense". Hier kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat alles betekenisloos is behalwe om God te vrees en Sy gebooië te onderhou. Dit word deur Got Questions (2020) ondersteun wat sê dat God die mens geskape het om met Hom in 'n verhouding te staan (gemeenskap te hê). Die mens is ook vir God se eer gemaak. Charry (1997:4) dra by tot die argument deur te sê dat God die oorsprong en bron van menslike geluk is. Daarom floreer mense wanneer hulle God ken, liefhet en geniet (Charry, 2002:176).

Dit beteken dat die doel van die lewe is om in verhouding met God te leef en om Hom te verheerlik in alles wat ons doen. Dit gee betekenis aan mens se lewe. Dit bied ook sosiale ondersteuning, 'n gesonde leefstyl sowel as ewige hoop. Gebaseer op hierdie inligting, verwys godsdiens in die studie na 'n verhouding met God waarin 'n mens met God gemeenskap het en waardeur 'n mens God verheelik. Of soos vroeër genoem, verwys godsdiens na 'n verhouding waarin 'n mens God aanbid en waar 'n mens ook daaglik deur die Heilige Gees gelei word.

Op grond van die bogenoemde inligting kan daar gesê word, wanneer 'n mens veerkragtigheid by kinders wil ontwikkel en hulle sodoende wil help om te floreer, is dit belangrik om te verseker dat hulle sosiale verhoudings sowel as 'n verhouding met God (godsdiens) het. Dit word saamgevat deur die "United Nations Children's Fund" (2012:15) wat gesê het:

"The beliefs, practices, social networks and resources of religion can strengthen children by instilling hope, by giving meaning to difficult experiences and by providing emotional, physical and spiritual support. When child rights efforts are grounded in the protective aspects of religious beliefs and practices and a community that encourages and enriches the spiritual and religious life of each child, the impact can be far-reaching and sustained."

Dit is juis die verhouding met mens en verhouding met God wat kinders kan help om veerkragtigheid te ontwikkel en gevolglik te floreer. Daarom is veerkragtigheid steeds kinders se vermoë om moeilike situasies te hanteer en deur die ervaring van daardie probleme te groei, soos vroeër beskryf deur Dillen (2012:62). Gebaseer op die twee hulpbronne wat mense help om veerkragtigheid te ontwikkel, kan florerings finaal soos volg gesien word: om 'n lewe van oorfloed voluit en vrylik in verhouding met God, mens en die skepping te leef (vgl. Marais, 2014:171-172). Dus, laat verhouding met God en verhouding met andere mens terugspring en groei (floreer) tydens moeilike omstandighede.

Gevolglik is dit belangrik om te bepaal watter geloofshulpbronne sosiale verhouding met God en mens verryk, aangesien dit tot die veerkragtigheid van kinders sal bydra en hulle ook sal help om te floreer ten spyte van hul ouers se werksverlies. Daar moet wel kennis geneem word dat selfs met die bronne wat geïdentifiseer sal word, is dit steeds belangrik om ag te gee op elke individu se behoeftes tydens sekere tydskappe. Dit is belangrik aangesien sosiale ondersteuning 'n negatiewe impak kan hê indien dit ongevoerd, buitensporig of nie van toepassing op die spesifieke individu se behoeftes is nie (Sippel *et al.*, 2015:2).

Daarom sal hulpbronne wat oor die algemeen kinders kan help, bespreek word. Diegene wat dit gebruik, moet egter bereid wees om sekere bronne uit te haal of by te voeg soos wat die individuele behoeftes verander.

3.3 Florering in verhoudings

3.3.1 Florering in ons verhouding met God

Een van die belangrikste aspekte wat bydra tot die welstand van kinders is om in verhouding met God te leef. Dit word deur Charry (2002:176) bevestig wat wys dat God die hoofbron van geluk en gevolglik ook die fondasie vir persoonlike vervulling is. Daarom, soos vroeër gesien in [Besprekingspunt 3.2](#), floreer mense wanneer hulle God ken, liefhet en geniet. In 'n studie deur Smith *et al.* (2013:9) is bevind dat die kinders 'n komplekse verhouding met God het. Hulle verhouding met die Here is as die belangrikste verhouding in hul lewe gesien, aangesien dit 'n doel vir hulle lewens gee en ook rigting verskaf. Dit kan gesien word by een van die kinders wat gesê het: "God is everything. He is the only reason I have experienced peace and understanding" (Smith *et al.*, 2013:9).

Dit is in hulle verhouding met God waar kinders kan beleef dat God omgee en dat Hy in hulle beste belange optree. Dit is ook God wat hulle bekragtig, inspireer, genees, vertroos, leer en teregstel. Dit word bevestig deur twee kinders wat gesê het: "God inspires, empowers, and instills a sense of great peace when we relate to Him" en "God has healed my broken heart to a whole. He has comforted me when I feel lonely or sad. At times the Holy Spirit [God] will prompt me on certain areas of my life. He also teaches me and corrects my wrong attitudes and character" (Smith *et al.*, 2013:9).

Die kinders het ook nie van die Here verwag om alle lewensuitdagings te verwyder nie. God is eerder as hulp gesien om die uitdagings van hul daaglikse lewe te oorkom (Muench, 2011:39; Smith *et al.*, 2013:9). Die Here se teenwoordigheid was 'n bron van ondersteuning en vertroosting tydens moeilike omstandighede (Muench, 2011:39-40; Smith *et al.*, 2013:9-10). Die Here het ook leiding gegee en deelnemers moed gegee en om minder bang te wees (Muench, 2011:39).

Dit is juis die kinders se verhouding met God wat hulle tydens stresvolle lewenservarings ondersteun het: "When my mum passed away, I felt a real sense of God's strength and touch on my life. Even in the midst of pain and disaster, the presence of the Holy Spirit [God] impacted my life in an incredible manner" (Smith *et al.*, 2013:10). Dit word ondersteun deur Muench (2011:42) se studie wat wys dat 'n persoonlike verhouding met God help om stresvolle situasies meer effektief te deurstaan.

Deelnemers het duidelik gemaak dat hul aktief in hul verhouding met God betrokke moet wees sodat hulle die verhouding kan onderhou (Smith *et al.*, 2013:10). Hulle glo dat as hulle nie in geestelike aktiwiteite deelneem wat belangrik is vir die ontwikkeling van hul verhouding met God, nie sal hulle welstand daaronder ly. Hulle verhouding met God, verhouding met ander en hul vermoë om te slaag in daaglikse aktiwiteite sal op 'n negatiewe wyse beïnvloed word. Dit word ondersteun deur een van die kinders wat gesê het: “There were periods of time when I didn’t pray or read the Bible. I felt so dry on the inside. I tend to be very angry and frustrated at the people around me. When I never commit my daily life to God, my day will not run smoothly” (Smith *et al.*, 2013:10).

Die bogenoemde inligting bevestig dat 'n verhouding met God 'n belangrike hulpbron vir die florering van kinders is. Daarom is dit belangrik om kinders in godsdienstige aktiwiteite betrokke te kry wat hulle verhouding met God onderhou en ontwikkel. Die volgende besprekingspunte is voorbeelde van belangrike hulpbronne wat kinders se verhouding met die Here sal ondersteun sowel as veerkragtigheid ontwikkel en sodoende kinders sal kan help om te midde van moeilike omstandighede te floreer.

3.3.1.1 Die Bybel

Soos hierbo bespreek, speel verhouding met God 'n belangrike rol in die ontwikkeling van veerkragtigheid en florering van kinders. Daar is verskeie hulpbronne wat met mense se verhouding met God te doen het. Die eerste hulpbron is die Bybel. Die Bybel is die Woord van God aangesien dit deur God gegee en geïnspireer is. Dit word gesien in 2 Timotheus 3:16a wat sê: “Die hele Skrif is deur God ingegee...” sowel as 2 Petrus 1:20-21 wat sê: “terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe...”.

Omdat die Bybel die Woord van God is, kan mense die Here daardeur leer ken. Dit word beklemtoon deur Charry (1997:19) wat wys dat Christelike leerstellings (wat in die Bybel gevind word) met kennis te doen het. Die kennis is daar om mense te help om God te leer ken en Hom lief te hê. Dit word bevestig deur Kellemen (2014:3) wat sê dat 'n mens nie waarlik God kan ken sonder om die Woord van die Here te lees nie. Die rede daarvoor is omdat die Bybel die lewende Woord is wat die wil en karakter van God wys (Ballard & Holmes, 2005:196).

Die Bybel is daarom 'n belangrike hulpbron om verhouding met God te bou. Soos Charry (2003:4) beklemtoon is dit 'n pad tot 'n ware vervullende lewe. 'n Lewe waar daar intimiteit tussen God en die mens is (Charry, 2006:166).

Die Bybel is ook 'n bron wat leiding vir daaglikse uitdagings kan bied. Dit word gesien in die woorde van Kellemen (2014:3) wat sê: "All we need for life and godliness, for salvation and sanctification has been given to us by the Bible." Daarom is die Bybel steeds relevant, selfs vir die probleme wat mense vandag ervaar. Al verander terme, wetenskap en ervarings, bly mense se probleme, die oplossings daarvan en die waarheid steeds dieselfde (Kellemen, 2014:4). Die Bybel bly steeds 'n hulpbron vir raad, vertroosting en geestelike voeding vir elke dag se behoeftes (soos aangehaal deur Ballard & Holmes, 2005:197). Gevolglik dien die Bybel as hulpbron om die wil van God te bepaal en herinner dit mense aan die genade wat vir daaglikse lewe beskikbaar is.

Nog 'n funksie van die Bybel is om mense te vertroos. Volgens Louw (1998:384) kan die Bybel gebruik word om sekere emosies of gevoelens te weerspieël. Dit stel mense in staat om te ervaar dat ander mense ook dieselfde as hulle gevoel het. Dit kan in Psalm 42:12 gesien word waar die skrywer emosionele druk ervaar het (Louw, 1998:384). Nie net kan die leser sien iemand ervaar dieselfde emosies as hulle nie, maar hulle kan ook bemoediging en advies ontvang soos "Hoop op God". Dit bied vertroosting vir die leser, aangesien hulle weet dat iemand anders nie net dieselfde emosies as hulle ervaar het nie, maar dat hulle ook hoop te midde van hul moeilike omstandighede gevind het.

Dit wys dat die Bybel 'n belangrike rol in die ondersteuning van kinders speel, aangesien dit kinders help om God te leer ken. Dit bied leiding vir alledaagse lewe, gee vertroosting en wys dat daar ander is wat deur soortgelyke situasies gegaan het en wat dit deurstaan het.

3.3.1.2 Gebed

Die volgende hulpbron is gebed. Gebed word ook geassosieer met mense se verhouding met God (Moutain, 2005:293). Daarom kan gebed gedefinieer word as die aksie waar 'n persoon met God praat, veral om dankie te sê of vir iets te vra (Encyclopaedia Britannica, Inc., 2022). Meer eenvoudig, is gebed 'n manier om met God te kommunikeer (Matthews & Clark, 1998:198).

Volgens Gunnestad en Thwala (2011:176) is gebed een van die godsdienstige bronne wat in meeste studies gevind word. Dit is 'n belangrike hulpbron wat mense 'n manier bied om uitdagings van die lewe te hanteer (Mountain, 2005:292). In studies waar die effek van gebed op welstand ondersoek is, het meeste van die navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat gebed oor die algemeen 'n positiewe impak op geestesgesondheid en lewensbevreëdiging van mense het (LaBarbera & Hetzel, 2016:1434). Dit dien as 'n bemiddeling teen stres, angstigheid en depressie

en is 'n effektiewe hanteringstrategie (Ferguson *et al.*, 2010:324-325; Wachholtz & Sambamthoori, 2013:1366-1367).

Dit word ondersteun deur 'n studie deur LaBarbera en Hetzel (2016:1433) waar hulle ondersoek het of gebed as 'n hulpbron teen stres gebruik kan word. In die studie is daar gebruik gemaak van Christen onderwysers om te bepaal of gebed kan dien as 'n buffer teen werkstres. Resultate het getoon dat die meerderheid van die deelnemers gebed as hulle belangrikste spirituele dissipline geïdentifiseer het (LaBarbera en Hetzel, 2016:1443). Daarom was gebed ook die spirituele dissipline wat mees gereeld deur die deelnemers gebruik is.

Data het getoon dat Christenonderwysers wat gebed in hul daaglikse lewe toepas, meer waarskynlik was om veerkragtigheid te behou en om toegewyd aan hul beroep te bly ten spyte van stresvolle omstandighede wat daarmee gepaard gaan (LaBarbera en Hetzel, 2016:1446). Dit wys dat gebed bydra tot veerkragtigheid tydens stresvolle omstandighede.

Vanuit 'n sielkundige oogpunt kan gebed as nuttig beskou word, aangesien dit die persoon die geleentheid bied om sy situasie aan iemand anders te verduidelik (Gunnestad and Thwala, 2011:176). Deur dit te doen help dit die persoon om te kalmeer en om sin van die situasie te maak.

'n Voorbeeld hiervan kan gesien word waar 'n seun gesê het: "... After praying and worshipping God I feel better" (Gunnestad & Thwala, 2011:176). Hierdie selfde idee word ook gevind in die woorde van 'n 16-jarige meisie wat op skool gespot is omdat sy nie ouers het nie: "... There is a corner I go to when I feel so depressed and discriminated at school, I just cry and pray to God to give me strength to cope. After praying I feel much better" (Gunnestad & Thwala, 2011:176).

Dit is ook waardevol vanuit 'n godsdienstige perspektief, aangesien gebed die persoon help om te besef dat God luister en dat Hy in staat is om na die situasie om te sien (Gunnestad & Thwala, 2011:176). Dit beteken dat gebed 'n manier is waardeur gemoedsrus geskep kan word en verandering ook na vore kan kom.

Dit word bevestig deur 'n studie wat oor die rol van "centering prayer" gedoen is. "Centering prayer" bied mense 'n manier om hul verhouding met God te verdiep (Ferguson *et al.*, 2010:313). Soos wat mense se verhouding met die Here verdiep, lei dit tot 'n afname in stres en angstigtheid (Ferguson *et al.*, 2010:318). Stres word verminder, aangesien 'n mens meer op God se doel gefokus is, eerder as op 'n mens se eie wil (Ferguson *et al.*, 2010:326). Sodoende kan gebed dien as 'n manier om 'n mens se situasie te aanvaar (Ferguson *et al.*, 2010:313).

Dit beteken dat om gebed as 'n hanteringstrategie te gebruik moet die persoon 'n verhouding met God hê (Harris *et al.*, 2010:29) omdat die intieme verhouding daartoe lei dat mense se vertoue in die Here vermeerder (Ferguson *et al.*, 2010:314). Gebed word dan 'n manier om afhanklikheid en vertoue in die Here te wys. Dit word ondersteun deur Louw (1998:434) wat sê dat wanneer iemand by die Here pleit of vir Hom hulp vra wys dit hul afhanklikheid van God.

Soos wat mense die Here meer vertrou sal hulle ook makliker situasies aan Hom kan oorgee. Soos wat 'n mens gevolglik aan God tydens gebed oorgee, word die persoon van enige onrus vrygestel, aangesien hulle voortdurend van die Here se teenwoordigheid bewus is. Dit word bevestig deur een van die deelnemers wat gesê het: "I don't simply have faith God is with me, I know He is with me. I know He is guiding my family and me. I am not afraid, but at peace with whatever may come" (Ferguson *et al.*, 2010:321).

Gebed het nog talle funksies wat tot die veerkragtigheid van mense kan bydra. In 'n studie deur Bade en Cook (2008:123) is na die verskillende funksies van gebed in die hanteringsproses gekyk. Nog 'n studie deur Mountain (2005:291) het gekyk na die funksie van gebed vir kinders. In hierdie twee studies is daar verskeie funksies wat na vore kom.

Deelnemers het gebed as 'n hulpmiddel gesien wat tydens belangrike lewensgebeurtenisse gebruik kan word (Mountain, 2005:291). Gebed het gehelp om diep gevoelens te verduidelik en te verwoord. Dit help ook om emosies soos angstigheid, eensaamheid, vrees en woede wat as gevolg van moeilike lewensomstandighede ontstaan, te hanteer (Mountain, 2005:299). Dit is gebruik as 'n hulpbron om emosionele hulpbronne soos geduld, vertroosting, vrede en hoop te ontwikkel.

Sommige deelnemers het gebid om antwoorde van die Here te ontvang of om sin van die situasie te probeer maak (Bade & Cook, 2008:125). Dit word bevestig deur Mountain (2005:299) wat wys dat gebed gebruik kan word om sin van lewensgebeurtenisse te maak en ook 'n manier gee om daarop te reageer. Ander het leiding gesoek of het die will van die Here in die situasie probeer bepaal.

Gebed kan ook gebruik word om die situasie en die doel van die probleem te herdefinieer (Bade & Cook, 2008:130; Mountain, 2005:300). Dit word gedoen deur te bid dat die situasie vir 'n goeie doel gebruik sal word (Bade & Cook, 2008:129). Dit kan in die volgende woorde gesien word: "Help me know that God will answer all my needs to my best interest" en "Realize that what is happening in my life is good, even if it seems awful or painful at the time" (Bade & Cook, 2008:130).

Gebed is ook gebruik om die Here vir krag te vra, krag om die probleem op te los of krag om die probleem te deurstaan (Bade & Cook, 2008:125). Gebed kan ook gebruik word om die Here te dank en om Hom te loof vir wat Hy in die persoon se lewe gedoen het (Bade & Cook, 2008:127; Mountain, 2005:298). Dit is 'n belangrike deel van gebed, aangesien dit die persoon help om hul aandag op God te fokus eerder as op hul probleme.

Sommige deelnemers het weer gebed gebruik as 'n manier om sosiale ondersteuning van God te ontvang (Bade & Cook, 2008:125). Dit sluit in om gebed te gebruik om met God te praat of te kommunikeer, om met God te deel wat aangaan en om ook te weet dat die Here luister. Dit wys dat gebed op verskeie maniere deur mense benut kan word om moeilike omstandighede te hanteer. Meer nog, gebed kan ook 'n belangrike hulpbron vir mense wees wat nie baie toegang tot ander sosiale ondersteuning het nie (Harris *et al.*, 2010:35).

3.3.1.3 Bybelse perspektief

Die derde hulpbron is om 'n gesonde siening van God en lyding te hê. Volgens Gunnestad en Thwala (2011:170) is dit belangrik om die wêreldsbeskouings en oortuigings van mense te begryp om te verstaan hoekom hulle op sekere maniere reageer. Die rede hiervoor is omdat mense se oortuigings of persepsies die manier waarop hulle hul omstandighede sien kan beïnvloed (Taylor, 2019). Daarom is dit belangrik om te bepaal wat mense se siening rakend God en lyding is, aangesien hul persepsies kan beïnvloed hoe hulle God en hul situasie verstaan sowel as hoe hulle daarop reageer.

Volgens die konsep van “religious coping” is een van die negatiewe maniere waarop mense lyding kan hanteer om God se liefde en sorg te bevraagteken (Gunnestad & Thwala, 2011:173). In hierdie geval is dit belangrik om die persoon te help om te verstaan dat die Here hulle steeds lief het en dat Hy “... die Vader van ontferminge en die God van alle verstroosting” is “wat ons troos in al ons verdrukkinge ...” volgens 2 Korinthiërs 1:3-4.

Ander oortuigings oor God wat moontlik 'n vernietigende uitwerking kan hê, is die oortuiging dat God definitief die probleem sal regmaak of dat slegte dinge nie met mense wat die Here dien, kan gebeur nie (Muench, 2011:21). Dit is so dat die Here probleme kan oplos, maar dit beteken nie dat Hy altyd gaan nie.

Daarom is 'n gesonder siening rakend God om eerder te glo God is in beheer en dat Hy mense krag gee om moeilike tye te deurstaan (Smith, 2003:23). Dit kan ook gesien word as 'n geleentheid om nader aan die Here te kom (Muench, 2011:39).

'n Mens moet ook die persoon wat ly, help om 'n realistiese en gesonde siening van lyding te hê. Meeste mense glo dat die wêreld relatief regverdig en welwillend is (Harris *et al.*, 2010:27). Gevolglik, wanneer daardie siening deur traumatise gebeurtenisse uitgedaag word, sukkel mense om sin van die teenstrydigheid te maak. Daarom moet hulle verstaan dat pyn deel van die lewe is (Dreyer, 2003:271).

Dit word ondersteun deur 'n berader wat aan een van die Swazi-studente verduidelik het dat selfs kinders van God probleme ondervind (Gunnestad & Thwala, 2011:175). Die persoon kan ook deur teksverse soos Jesaja 53:3 bemoedig word wat wys dat Jesus ook "... 'n man van smarte en bekend met krankheid ..." was.

Lydning kan ook in 'n meer positiewe lig gesien word deur te glo dat die Here alles ten goede laat meewerk vir die wie Hom liefhet en dat swaarkry gebruik sal word om 'n mens se karakter te bou (Smith, 2003:23). Dus, moet daar verseker word dat kinders se perspektief rakend God en hul omstandighede Bybels is, want hoe hulle dinge sien sal beïnvloed hoe hulle daarop reageer.

3.3.1.4 Hoop

Die volgende hulpbron wat te doen het met ons verhouding met God, is hoop. Volgens Charry (2004:291) sien Christene juis hoop in terme van hul persoonlike verhouding met God. Volgens Gunnestad en Thwala (2011:180) bevorder hoop veerkragtigheid, want dit skep positiewe verwagtinge en dit gee mense moed om nie op te gee nie. Hier is dit belangrik om in ag te neem dat daar hoop vir die toekoms sowel as vir huidige omstandighede verskaf moet word.

Iets wat mense hoop gee, is om te weet dat hulle omstandighede nie vir altyd dieselfde sal bly nie. 'n Voorbeeld hiervan kan in die woorde van 'n Zambiese student gesien word wat gesê het: "I know that one day ... God will remove all these things like sickness, death and even pain. Everybody will be happy" (Gunnestad & Thwala, 2011:179). Aangesien die student hoop gehad het dat daar geen lyding in die hemel gaan wees nie, het dit haar krag gegee om haar huidige omstandighede te aanvaar. Dit word ondersteun deur 'n studie wat gewys het dat mense vrede kan ervaar wanneer hulle weet dat hulle omstandighede slegs tydelik is (Ikafa & Hack-Polay, 2019:103).

Dit is te danke aan Jesus dat Christene die hoop kan hê. Volgens Charry (2004:293) lê Christene se hoop daarin dat Jesus (vir ons sonde) gesterf het, opgestaan het en aan die regterhand van die Vader sit. Christene het die hoop dat Jesus weer sal kom, sal oordeel en die wie Hom liefhet sal neem om vir ewig by Hom te wees. Dan sal pyn en lyding nie meer 'n probleem wees nie. Dit word deur Openbaring 21:4 ondersteun wat sê: "En God sal die tranes van hulle oë afvee, en daar

sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan”. Dit is die hoop vir die toekoms.

Volgens Gunnestad en Thwala (2011:180) hou hoop nie net met die ewigheid verband nie, maar dit het ook te doen met mense se lewens op aarde. Dit kan in die woorde van ‘n 14-jarige meisie gesien word wat gesê het: “I look at my situations as a temporal condition. I believe in God that He will turn things around, as He has promised not to leave or forsake me” (Gunnestad & Thwala, 2011:180). In hierdie voorbeeld het die meisie hoop gevind in die versekering dat God haar nie sal verlaat nie. Dit wys dat hoop vir lewe op aarde ook gebied kan word.

3.3.2 Florering in ons verhouding met ander

Nog ‘n hulpbron wat bydra tot die welstand van kinders is sosiale verhoudings met ander sowel as die sosiale ondersteuning wat deur daardie verhoudings gebied word. Sosiale ondersteuning kan gesien word as sorg en leiding wat deur familie, vriende en lede van die gemeenskap voorsien word (soos aangehaal deur Achour & Nor, 2014:13). Dit sluit in hulpvaardige aksies soos fisiese en emosionele troos sowel as inligting wat daartoe lei dat die individu geliefd en waardevol voel.

Dit sluit ook materiële ondersteuning in, waar hulp gebied word deur goedere en dienste te voorsien om praktiese probleme op te los (Sippel *et al.*, 2015:1). Die ondersteuning wat individue ontvang vanaf familie, vriende en die gemeenskap het ‘n groot impak op die sielkundige en fisiese gesondheid van die individu sowel as die persoon se vermoë om teëspoed en uitdagings te hanteer.

Dit word ondersteun deur Sippel *et al.* (2015:3) wat wys dat sosiale ondersteuning aan ‘n toename in gebruik van hanteringsmeganismes soos probleemoplossing gekoppel is. Sosiale ondersteuning kan ook daartoe lei dat mense voel dat hulle iewers behoort en kan hulle help om emosies soos angstigtheid en vrees te reguleer. Daarmee saam kan sosiale ondersteuning die persoon help om die situasie te herdefinieer na iets wat nie so ‘n groot bedreiging is nie.

Volgens Ackermann (1988:17) is verhoudings sentraal tot ons wese en tot ons welstand. Dit word deur Seaford *et al.* (2012:28) ondersteun wat wys dat verskeie bronne bevind het dat sosialisering met hoër vlakke van lewens bevrediging en geluk geassosieer word. Dieselfde is bevind deur Achour en Nor (2014:16) wat ‘n direkte verband tussen sosiale ondersteuning en lewensbevrediging gevind het. Helliwell (2006:C38) ondersteun die data deur te wys dat mense wat gereeld sosiale kontak met familie, vriende en bure het, amper ‘n volle punt hoër op ‘n 10-punt lewensbevredigingskaal beleef het as mense wat nie die sosiale kontak het nie (Helliwell, 2006:C38).

Daarmee saam het Achour en Nor (2014:15) ook 'n direkte verband tussen sosiale ondersteuning en veerkragtigheid gevind. Dit bevestig Dreyer (2003:720) se siening dat genesing plaasvind in verhoudings waar nabyheid gevind word. Wanneer dit kom by moeilike omstandighede is sosiale ondersteuning noodsaaklik vir die aanpassing van 'n persoon (Achour & Nor, 2014:16).

3.3.2.1 Die rol van familie

Soos vroeër genoem kan sosiale ondersteuning deur familie, vriende en die breër gemeenskap verskaf word (soos aangehaal deur Achour & Nor, 2014:13). Die naaste sosiale verhoudings is gewoonlik familie wat beteken dat gesinne 'n belangrike rol in die welstand van kinders speel.

In 'n studie deur Ikafa en Hack-Polay (2019:98) word daar gewys hoe sosiale ondersteuning van families migrante gehelp het om tydens moeilike omstandighede staande te bly. Een van die deelnemers het dit soos volg beskryf:

“We always talk about [stressful] issues as a family. That’s what I think has helped us all the time, from when we first arrived in this country. We talk about what has happened and then each person comes in and gives some kind of support. We [also] encourage family members to share their problems” (Ikafa & Hack-Polay, 2019:98-99).

'n Ander deelnemer het die gedagte beaam deur te sê: “Yeah ... my family is supportive – they’re supportive if I have problems, and they’ve been behind [me]” (Ikafa & Hack-Polay, 2019:99).

Families speel veral 'n belangrike rol in geestelike ondersteuning. Volgens Smith *et al.* (2013:8) kan geestelikbewuste families tot die geestelike welstand en veerkragtigheid van kinders bydra. Om geestelike hulpbronne soos gebed, Bybellees en vertrouwe in die Here plaas as gesin saam te doen, is 'n belangrike manier om die familie se band te versterk. Dit word bevestig deur 'n seun wat gesê het: “I have always loved praying as a family. It is the communal side of this that I think draws me to it” (Smith *et al.*, 2013:8).

Om geestelike praktyke saam te doen is veral belangrik tydens tye van krisis en stres, aangesien dit tot veerkragtigheid bydra. Dit word in die woorde van 'n kind gesien wat gesê het: “Through the hardest time in my life, my family were praying for me. I knew they were and I believe it was their prayers that got me through that time. They took the time to drive me to church and youth group and camps and (other church) groups” (Smith *et al.*, 2013:8). Dit wys dat om as 'n familie godsdienstige praktyke te doen kinders help om deur tye van krisis te kom.

Daar is wel gevalle waar familieledede nie dieselfde godsdiens as die kind deel nie en gevolglik hulle ook nie op geestelike gebied ondersteun nie. Dit word gesien by 'n kind wie se geloof nie in lyn met hul ouers sin was nie (Smith *et al.*, 2013:11). Die enigste persoon in die gesin wat ook 'n Christen was, was haar suster. In gevalle soos dié speel verhouding met God en veral verhouding met die geloofsgemeenskap 'n belangrike rol in die ondersteuning van kinders, veral op geestelike gebied.

3.3.2.2 Die rol van die gemeente

Volgens Cook (2000:719) was daar aanvanklik geglo dat kinders met veerkragtigheid gebore word. Meer onlangse studies het egter getoon dat kinders se veerkragtigheid meer afhanklik van hulle ervaringe is (soos aangehaal deur Cook, 2000:719). Gevolglik kan kinders se eksterne ondersteuningsisteme, soos die kerk, die veerkragtigheid van kinders versterk.

Die Christengemeenskap word ook as 'n familie beskryf (Smith *et al.*, 2013:8). Dit word in Efesiërs 2:19 gesien wat sê: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God". In 'n studie gedoen deur Smith *et al.* (2013:8) het van die deelnemers ook na die gemeente verwys, veral die met wie hulle naby verhoudings het, as hulle geestelike familie. Dit dui op die diepe band wat gemeenteledede met mekaar het.

Deelnemers het gesê dat hulle God as hul Vader sien en gemeenteledede as broers en susters (Smith *et al.*, 2013:8-9). Die verhouding tussen gemeenteledede sluit ook God as deel van die geestelike familie in, aangesien verhouding met God van groot belang vir die deelnemers was (Smith *et al.*, 2013:9). Vir die deelnemers beteken om deel van 'n gemeente te wees dat hulle 'n lid van 'n naby gemeenskap van mense is. Die gemeenskap is 'n bron van hoop en dien as alternatiewe familieondersteuning wat nie altyd deur die familie sisteem tydens stresvolle tye voorsien kan word nie (soos aangehaal deur Muench, 2011:20). Gevolglik word die verhouding tussen jong mense en die kerk met veerkragtigheid verbind (Smith *et al.*, 2013:9).

Dit kan gesien word in 'n studie deur Cook (2001:717) wat gewys het dat tieners in kerke minder stres ervaar het en minder waarskynlik was om sielkundige probleme te hê as tieners wat nie betrokke in die kerk is nie. Muench (2011:42) het weer gewys dat betrokkenheid in 'n gemeente deelnemers se reaksies teenoor stresvolle situasies verander het, aangesien daar 'n toename in positiewe emosies was. Cook (2000:724) het ook bevind dat kinders wat kerk toe gaan heelwat meer stabiliteit in hul lewens ervaar as die wat nie kerk bywoon nie. In die studie het die jeug duidelik gemaak dat die kerk 'n sentrale rol in hulle lewens speel.

Daar is verkeie maniere hoe die kerk tot die veerkragtigheid van kinders kan bydra. Die eerste manier is deur mentorskap. In Muench (2011:43) se studie het deelnemers uitgewys dat mentors 'n belangrike bron van sosiale ondersteuning is. Dit word bevestig deur Huerta (2013:5) wat wys dat ondersteunende verhoudings met volwassenes 'n belangrike rol speel. Dit stel die kind in staat om moeilike omstandighede te deurstaan, om by hul omgewing aan te pas en om hulle emosies te reguleer. Dit wys dat kinders ondersteunende verhoudings met volwassenes nodig het om van ontwrigtende lewensgebeurtenisse te kan herstel (Huerta, 2013:13).

Cook (2000:719) en Muench (2011:40) bou hierop deur te wys dat kerke veerkragtigheid in kinders kan bevorder deur mentors te voorsien wat betrokke in die kinders se lewens is en wat hulle kan help om belangrike besluite te neem. Dit word deur een van die deelnemers bevestig wat gesê het: “[When I need advice], I talk with my youth pastor. He’s really a key person in my life. I have a really close relationship with him. I know I can be really open with him about anything” (Cook, 2000:726). Mentors kan ook mense na Bybelverse lei wat hulle kan help om sin van hulle omstandighede te maak (Muench, 2011:40).

Die kerk kan help deur selfregulering aan te moedig sodat kinders in staat kan wees om hulle gedrag op 'n positiewe wyse aan te pas. In die studie deur Cook (2000:726) het 15 van die deelnemers duidelik gemaak dat hulle die selfregulering vermoëns wat die kerk hulle help om te ontwikkel, waardeer. Die kerk gee ook 'n standaard vir optrede en dien as riglyn rakend wat reg en verkeerd is.

In die derde plek voorsien die kerk kinders met 'n doel sowel as 'n identiteit (soos aangehaal deur Cook, 2000:720). Dit word deur een van die deelnemers ondersteun wat gesê het: “I feel that if I didn’t go to church that I’d probably be someone else, smoking pot, selling drugs, stuff like that” (Cook, 2000:726). Die gemeente versterk dus kinders se eie waarde en bevestig vir die kinders dat hulle lewens betekenis het (Cook, 2000:727).

Die gemeente dien ook as 'n ondersteunende en stabiele gemeenskap vir kinders. Wanneer gemeentelike soortgelyke dinge glo, kan hulle 'n meer hegte band hê en individue in die groep makliker aanvaar (Cook, 2000:720). Om deel van 'n geestelike gemeenskap te wees, kan ook kinders se eiewaarde verbeter (Cook, 2000:728). In die studie het 16 deelnemers in die kerkgroep gesê dat die kerk hulle die geleentheid bied om deel van 'n gemeenskap te wees (Cook, 2000:726). Toe daar gevra is watter kerkaktiwiteit die kinders die meeste van hou het 'n 17-jarige seun gesê:

“It has to be my youth group, I think. I love going there. My pastor is a fun guy to be with. And then you see a whole bunch of kids. When I was young, especially when I was in New York, I always wanted to have a group that I could go and have a bunch of kids and there and be so cool with them. And that’s what they got there, so that’s why I like it” (Cook, 2000:726).

‘n Ander 18-jarige dogter het weer gesê: “I’ve been here all my life. Maybe it’s just because ... it’s my home”. Daarmee saam bied die kerk kinders die geleentheid om ‘n verhouding met ‘n liefdevolle God te bou (Cook, 2000:720). Vyftien van die kinders in die kerkgroep het genoem dat die kerk ‘n verhouding met God bevorder (Cook, 2000:727). ‘n 16-jarige seun het gesê dit is belangrik op die volgende wyse: “You have to have somebody watching your back, and if that’s God, then that’s mighty big” (Cook, 2000:727). Om ‘n verhouding met God te hê laat ook kinders se eiewaarde toeneem (Cook, 2000:728).

Sosiale verhoudings is van belang, aangesien mense daardeur mekaar na God kan terugwys sodat hoop in Hom gevind kan word. Dit kan ook deur gebed gedoen word. Dit word in die woorde van ‘n kind gesien wat gesê het: “Gemma prayed for me and she told me God is smiling at me. And she also told me that the Holy Spirit [God] will be with me. After that, I knew I was in God’s presence and I just fell in love with Him again” (Smith *et al.*, 2013:9). Dus, is gebed ook ‘n hulpbron van sosiale ondersteuning wat deur die kerk gebied word.

Gebed word as ‘n gemeenskaplike aktiwiteit gesien, aangesien dit tot sosiale verbintenis met die geloofsgemeenskap lei (Mountain, 2005:297). Dit word deur Bade en Cook (2008:131) ondersteun wat wys dat gebed mense help om staande te bly deur intimiteit met ander te ervaar. Daarom is gebed nie net ‘n hulpbron wat deur die persoon self benut moet word nie, maar dit is ook iets wat mense vir mekaar kan doen of saam met mekaar kan doen (Mountain, 2005:297).

Gebed kan geïmplimenteer word deur vir die kind te bid of deur saam met die kind te bid. Dit kan in ‘n voorbeeld van ‘n 11-jarige meisie gesien word wat baie siek geword het (Gunnestad & Thwala, 2011:177). In haar geval kon niks haar genees nie. Later het haar ma haar na ‘n priester geneem en hy het vir haar gebid. Dit was omdat die priester namens haar tot Jesus gebid het dat sy genees is. Muench (2011:40) wys ook uit dat sekere deelnemers die gemeente gevra het om vir hulle te bid. Dit wys dat mense in tyd van nood ondersteuning by ander kan ontvang deurdat die mense saam met hulle bid en ook vir hulle bid.

Gebed kan ook gebruik word om saam die Here te loof en te dank (Mountain, 2005:299). Om saam te bid deur die Here te loof en prys is as ‘n waardevolle aktiwiteit beskou, waar kinders ‘n

gevoel van identiteit gevind het en ook gevoel het dat hulle iewers het waar hulle hoort (Mountain, 2005:302).

Die gemeente kan ook mense op materiële gebied ondersteun. Dit kan in die lewe van 'n Swazi-student gesien word waar die kerk die volgende gedoen het: “came to give fellowship, comfort and moral support and they gave practical support like food or money for exam fees” (Gunnestad & Thwala, 2011:178).

Laastens bied die gemeente verskeie aktiwiteite wat individue saam met ander mense van die geloofsgemeenskap kan geniet. Dit sluit aktiwiteite soos jeugkampe, aktiwiteite in die kerk en om dinge vir ander te doen in (Smith *et al.*, 2013:9). Kerkdienste, gebedsgroepe, Bybellees- en musiekgroepe is ook aktiwiteite wat gemeentelêde saam kan geniet (Raftopoulos & Bates, 2011:154). Dit wys dat 'n diepe verbintenis met 'n geestelike familie betekenisvolle en genotvolle sosiale geleenthede bied (Smith *et al.*, 2013:9).

3.3.2.3 Die rol van vriende

Sosiale ondersteuning kan ook deur vriende gebied word. In die studie deur Ikafa en Hack-Polay (2019:99) het verskeie deelnemers die belangrikheid van vriende se ondersteuning uitgewys. Een het dit soos volg gestel: “Oh, friends are very important because your friends are the ones who give you the moral support, your friends are the ones who listen to you when you have problems, you friends share their own stories with you and you learn from them”.

Sosiale ondersteuning kan veral deur vriende in dieselfde geloofsgemeenskap gebied word. 'n Studie deur Muench (2011:43) het gewys dat toegang tot vriende, met soortgelyke geloof 'n belangrike hulpbron van sosiale ondersteuning is. Christenvriende kan veral gebruik word om vriende wat swaarkry te bemoedig (Muench, 2011:40).

Gunnestad en Thwala (2011:178) gee 'n voorbeeld van sosiale ondersteuning deur die storie te vertel van 'n Zambiese student wie se pa gesterf het. Hulle was sewe kinders op skool en die ma het slegs 'n matige inkomste verdien. As gevolg hiervan het die familie gesukkel om benodighede vir skool te koop en het hulle ook gesukkel om kos te kry om te eet.

Een van die dinge wat die student gehelp het om staande te bly, was 'n vriendin. Sy verduidelik dit soos volg:

“It was a friend who persistently came home for me and she was a Christian. I never, not even for a minute did I think someone could love me. This girl came every weekend

even when I hid. She stayed till she could talk to me, shared the Word of God and at last asked me to accompany her to church” (Gunnestad & Thwala, 2011:178).

Hierdie voorbeeld toon dat sosiale ondersteuning vanaf vriende ook 'n belangrike rol speel om mense te help om moeilike tye te deurstaan.

3.3.2.4 Die rol van mense wat deur soortgelyke situasies is

Dit is ook belangrik om kinders aan mense voor te stel wat deur dieselfde situasie was en wat op 'n gesonde manier daardeur gekom het. Volgens Bohlin (2009) is een van die moeilikste dele van lyding dat jy geïsoleerd voel. Om hierdie rede kan dit van groot waarde wees om vertroosting van mense te ontvang wat reeds deur die situasie was omdat hulle kan sê: “I know just how you feel because I’ve been there” (Bohlin, 2009). Gevolglik kan die wat dieselfde lyding ervaar het, vertroosting verskaf op 'n manier wat ander mense wat nie dieselfde lyding ervaar het nie, nie kan bied nie.

'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in dieselfde storie wat hierbo genoem is. Iets anders wat die Zambiese student gehelp het, was die feit dat haar vriendin haar aan iemand voorgestel het wat ook haar situasie ervaar het. Die student het dit soos volg gestel: “One day she introduced me to her friend who was experiencing my situation. This girl was prayerful. When things got tough she asked me to pray and told me to be strong ... so I thought about everything and slowly from period to period I slowly accepted my situation” (Gunnestad & Thwala, 2011:178).

Dit word deur Gunnestad en Thwala (2011:181) ondersteun wat gewys het dat mense wat soortgelyke lyding ervaar het en dit op 'n gesonde wyse hanteer het, nou as rolmodelle kan optree vir die wat tans lyding ervaar. Die rede hiervoor is omdat hulle as rolmodelle wys dat pyn en lyding deel van die lewe is. Hulle gee ook vir die wat ly, hoop dat hulle ook deur die lyding sal kan kom aangesien ander in staat was om dit te doen (Gunnestad & Thwala, 2011:181).

3.4 Samevatting

In die hoofstuk is daar bespreek watter geloofshulpbronne benut kan word om kinders te help om tydens die werksverlies van hul ouers te floreer. Die inligting het gewys dat verhouding met God en verhouding met mense 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van veerkragtigheid in kinders speel. Dit is juis daarom die twee aspeke wat kinders kan help om te floreer.

Onder verhouding met God is daar bespreek hoe die Bybel en gebed gebruik kan word om kinders deur moeilike tye te help. Daar is ook bevind dat dit belangrik is om kinders te help om 'n gesonde en Bybelse perspektief van God en lyding te hê. Daarmee saam speel hoop ook 'n

belangrike rol in die florering van kinders. Dit sluit hoop vir die toekoms sowel as hoop vir huidige omstandighede in.

Wanneer dit kom by verhoudings met ander is daar vasgestel dat verhouding met familie, vriende en 'n geloofsgemeenskap baie belangrik is. Die kerk speel veral 'n baie belangrike rol, aangesien dit kinders help om verhouding met God te bou en dit 'n alternatiewe gemeenskap bied waar kinders kan voel hulle behoort. Die kerk kan ook kinders help deur mentors te verskaf en kan dikwels op materiële gebied help.

Die hoofstuk het gewys dat dit belangrik is om kinders met mense in kontak te bring wat reeds deur dieselfde situasie was en wat dit op 'n gesonde wyse hanteer het. Dit is belangrik, aangesien die kind dan voel dat iemand hulle verstaan. Dis ook belangrik omdat dit hoop vir die kind gee, aangesien iemand reeds deur dit was en dit suksesvol deurstaan het.

Daar is dus baie geloofshulpbronne wat benut kan word om kinders, wie se ouers hul werk verloor het, te ondersteun. Die hulpbronne moet wel aangewend word soos wat elke individuele kind dit nodig kry.

HOOFSTUK 4: GELOOFSHULP AS LEWENSHULP IN KINDERBEDIENING

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is geloofshulpbronne geïdentifiseer wat kinders kan help om veerkragtigheid te ontwikkel en te floreer. Daar is dus bespreek hoe kinders uit 'n geloofsperspektief op hul omstandighede kan reageer. Daar is ook voorbeelde gegee van kinders wat die verskeie geloofshulpbronne in hul daaglikse lewens gebruik het. Navorsing het gewys dat dié geloofshulpbronne 'n positiewe rol in die florerings van kinders kan speel.

Daarom sal dié hoofstuk op stap 5 van Groome se model gefokus wees. Die doel van die hoofstuk is om besluite rakend die daaglikse lewens van kinders te neem (Groome, 2009:774). Met ander woorde, daar sal bespreek word hoe die geloofshulpbronne, wat in hoofstuk 3 geïdentifiseer is, deel van kinders se alledaagse lewens gemaak kan word.

Die doel van die hoofstuk is daarom om geloofshulp as lewenshulp te bespreek. Die stap sal binne die konteks van gemeentelike kinderbediening bespreek word. Dit sal gedoen word deur na inligting in vorige hoofstukke terug te verwys en dit dan binne die konteks van gemeentelike kinderbediening te bespreek.

4.2 Bespreking uit vorige hoofstukke

Covid-19 het daartoe gelei dat talle mense hul werk verloor het ([Afdeling 1.1](#)). Dit kan 'n groot impak op kinders hê aangesien stabiele huisomstandighede, voedsel, mediese sorg sowel as ouers wat betrokke in hul kinders se lewens is, noodsaaklik vir die welstand en florerings van kinders is.

Data het wel gewys dat verskeie geloofshulpbronne tot die ontwikkeling van veerkragtigheid en florerings van kinders kan bydra ([Afdeling 3.1](#)). Dit sorteer onder twee kategorieë, naamlik sosiale verhouding met God en sosiale verhouding met mense ([Afdeling 3.2](#)). Dit word bevestig deur Volf (2013:30) wat wys dat liefde vir God en liefde vir mense die sleutel tot die florerings van mense is.

Dit het na vore gekom dat 'n sosiale verhouding met God van groot belang is. Inteendeel deelname aan godsdienstige aktiwiteite word geassosieer met groei ten spyte van trauma ([Afdeling 3.2](#)). Dit gee betekenis aan mense se lewens en dien sodoende as 'n buffer teen stres en depressie. Gevolglik kan dit lei tot 'n afname in sielkundige probleme en bevorder dit geestelike

en sielkundige groei. Daarom floreer mense wanneer hulle God ken, liefhet en geniet ([Afdeling 3.2](#)).

Daar is verskeie hulpbronne wat met hierdie aspek kan help. Dit sluit in die Bybel ([Afdeling 3.3.1.1](#)) en gebed ([Afdeling 3.3.1.2](#)). Navorsing het ook gewys dat dit belangrik is om 'n Bybelse perspektief oor God en lyding te hê ([Afdeling 3.3.1.3](#)). Wanneer verhouding met God gebou word, is dit belangrik om ook hoop vir huidige omstandighede en die toekoms te hê ([Afdeling 3.3.1.4](#)).

Sosiale verhoudings met ander mense is ook belangrik. Sosiale verhoudings met mense voorsien kinders met iemand wat luister en wat hulle kan help om vrae te beantwoord ([Afdeling 3.2](#)). Dit help kinders om minder stres te ervaar en bevorder sodoende psigologiese en fisiese welstand.

Daar is verskeie mense wat ondersteuning vir kinders kan bied. Dit sluit in familie ([Afdeling 3.3.2.1](#)), die gemeente ([Afdeling 3.3.2.2](#)) sowel as vriende ([Afdeling 3.3.2.3](#)). Mense kan kinders ook ondersteun deur mentorskap ([Afdeling 3.3.2.2](#)) en deur kinders in kontak met mense te bring wat reeds deur soortgelyke situasies is ([Afdeling 3.3.2.4](#)).

Dié verskeie hulpbronne kan benut word om veerkragtigheid in kinders te ontwikkel en sodoende hulle te help om te floreer. Dié hulpbronne kan deel van kinders se lewens gemaak word met behulp van gemeentelike kinderbediening. Kinderbediening gaan oor hoe die geloofsgemeenskap die koms van God se Woord aan kinders bemiddel. Dié bediening word op 'n gedifferensieerde en gefokusde wyse aan, met en deur kinders as geïntegreerde deel van die plaaslike gemeente gefasiliteer (Nel, 2018:242).

Volgens Grobbelaar (2016:126) kan kerke kinders help deur hulpbronne wat veerkragtigheid bevorder, soos dié wat hier bo genoem is, te bevorder en te versterk. Dit is belangrik omdat hulpbronne wat veerkragtigheid bevorder, die negatiewe gevolge van risikofaktore in kinders se lewens kan oorkom. In die konteks van hierdie studie kan die hulpbronne kinders help om te floreer, ten spyte van ouers se werksverlies.

Volgens Van As (2020:50) speel die gemeente 'n belangrike rol in die vorming en ontwikkeling van geloof in alle mense. Dit sluit dan kinders in. Grobbelaar (2016:154) wys uit dat dit belangrik is om kinders op 'n holistiese wyse te bedien. Volgens Powell (soos aangehaal deur Grobbelaar, 2016:154) behels dit om nie net kinders te versterk nie, maar om ook die breër ekologie rondom hulle te versterk. Dit word gedoen deur hulle by die gemeente in te sluit (Grobbelaar, 2016:218). Daarom moet kinders, jeug, familie, gemeente, gemeenskap en kultuur met mekaar verbind word (Strommen & Hardel, 2000:16).

Volgens Van As (2020:25) word dit gedoen deur bedieninge soos Sondagskool en jeugbediening wat Bybelse waarhede op 'n ouderdomgepaste manier aan hulle leer. Hy waarsku wel dat die gemeente nie ouderdomsgroepe in die gemeente heeltemal moet skei nie. Kinders moet byvoorbeeld ook betrokke by gemeentedienste kan wees (Van As, 2020:110-111). Daar is dus verskeie bedieninge binne die gemeente wat die hulpbronne in kinders se lewens kan integreer. Deur die verskillende bedieninge word daar op 'n holistiese wyse na kinders omgesien, aangesien hulle by verskeie bedieninge ingesluit word en sodoende met die breër ekologie verbind word.

4.3 Bedieninge wat geloofshulp as lewenshulp bevorder

4.3.1 Sondagskool

Sondagskool is 'n afdeling van die gemeente wat daarop fokus om kinders, gewoonlik tot 18-jarige ouderdom, van die Here te leer. Sondagskool vind gewoonlik op Sondag plaas en is oor die algemeen volgens ouderdom ingedeel (Taylor, 2021). Dit word gewoonlik deur vrywillige werkers behartig wat as onderwysers dien (Kozlowski, 2017).

Verskeie van die hulpbronne wat kinders help om te floreer word deur Sondagskool in kinders se lewens ingebou. Die rede hiervoor is omdat Sondagskool daarop gefokus is om verhouding met God en medegelowiges te bevorder (UKessays, 2017). Soos gesien in [Afdeling 3.4](#) is dit juis verhouding met God en verhouding met mense wat tot die florerings van kinders sal bydra.

Die eerste hulpbron wat Sondagskool aan kinders bied is die Bybel ([Afdeling 3.3.1.1](#)). Sondagskool is 'n plek waar kinders geleer word van die Here, hoe om gered te word en hoe om vir die Here te leef (Ashcraft, 2021; Patterson, 1998; Riverview Baptist Church, 2014; Towns, 2022). Dit word gedoen deur vir hulle die Bybel te leer en te verduidelik wat dit beteken (Kozlowski, 2017; Palys, 2021; Taylor, 2021).

Die doel daarvan is dat kinders hul geloof in God sal plaas en dat die geloof hulle sal help om teleurstellings en moeilike omstandighede te deurstaan (Palys, 2021; UKessays, 2017). Sondagskool is verder daar om kinders te help om in hulle geloof te groei sodat hulle ook eendag as volwassenes die moeilikhede van die lewe kan deurstaan (Palys, 2021; Taylor, 2021). Soos wat kinders van God geleer word, word die hulpbron van hoop ([Afdeling 3.3.1.4](#)) ook in hulle lewens ingebou.

Nog 'n hulpbron wat met die Bybel gepaard gaan, is 'n Bybelse perspektief van God en lyding ([Afdeling 3.3.1.3](#)). Dit kan gesê word aangesien Sondagskool die Bybel gebruik om kinders van

die betekenis van swaarkry te leer (Ashcraft, 2021). Dit leer hulle ook dat God hulle liefhet en dat Jesus altyd by hulle is (Kozlowski, 2017).

Nog 'n hulpbron wat deur Sondagskool ingebou word, is gebed ([Afdeling 3.3.1.2](#)). Tydens Sondagskool word kinders geleer hoe om te bid en word hulle ook aangemoedig om te bid (Ashcraft, 2021; Kozlowski, 2017). Sodoende word hulle verhouding met die Here versterk en dra dit by tot die florerings van kinders.

Nog 'n hulpbron wat na vore kom, is sosiale verhoudings met die gemeente en vriende ([Afdeling 3.3.2.2](#) en [Afdeling 3.3.2.3](#)). Sondagskool bied die geleentheid om met ander gelowiges gemeenskap te hê (Patrick, 2020; Riverview Baptist Church, 2014) omdat kinders saam kom om van die Here te leer en Hom saam te aanbid (UKessays, 2017). Hulle sing ook saam en doen kreatiewe aktiwiteite (Kozlowski, 2017; Palys, 2021). Deur al hierdie dinge saam te doen, vorm daar 'n band tussen die kinders (Patrick, 2020).

Sondagskool bied ook kinders die geleentheid om 'n mentor en rolmodel te hê ([Afdeling 3.3.2.2](#)). Sondagskoolonderwysers is gewoonlik toegewyde Christene wat vir die kinders omgee. Sondagskool bied daarom die geleentheid vir kinders om met ander volwasse Christene, buiten hul ouers, in kontak te kom wat as rolmodelle kan dien (Kozlowski, 2017). Die onderwysers kan ook as mentors optree, aangesien hulle kinders se behoeftes kan identifiseer en dit kan aanraak in die dinge wat hulle vir die kinders leer (Ashcraft, 2021).

Iets wat belangrik is om te noem is die feit dat Sondagskool nie die einde van godsdienstige opvoeding behoort te wees nie (UKessays, 2017). Sondagskool is slegs die begin vir kinders wanneer dit kom by hulle verhouding met God.

Daarom wanneer kinders wel in Sondagskool deelneem, is dit belangrik dat Sondagskool tydens 'n aparte tyd as gewone kerkdienste sal plaasvind sodat kinders 'n kans kan kry om 'n liefde vir die kerk en gemeentedienste te ontwikkel (Kozlowski, 2017). Daar is bevind dat kinders dikwels die kerk verlaat as hulle met Sondagskool klaar maak. Die rede hiervoor is omdat baie kerke Sondagskool en kerkdienste op dieselfde tyd laat geskied.

Sodoende was baie kinders nog nooit in kerkdienste nie en het daarom nooit 'n liefde daarvoor ontwikkel nie. Nog 'n rede is omdat die kinders dan nooit leer hoe om deel te neem in gemeentedienste nie en omdat hulle nie die geleentheid kry om te sien hoe hulle ouers die Here aanbid nie (Van As, 2020:69).

Dit is belangrik om van kennis te neem, aangesien die hulpbronne wat kinders help om staande te bly en te floreer juis tydens gemeentedienste ook aan hulle gebied word. As kinders te oud raak vir Sondagskool, is dit die gemeentedienste waar hulle met die hulpbronne in kontak sal kom. Daarom is dit belangrik dat kinders gemeentedienste bywoon sodat hulle 'n liefde daarvoor kan ontwikkel en betrokke kan bly in die kerk na skool.

Dit is ook belangrik om kennis te neem dat dit hoofsaaklik die werk van die ouers is om hulle kinders van die Here te leer (Got Questions, 2022; Palys, 2021; Patterson, 1998). Dit word gesien in Efésiërs 6:4 wat sê: “En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here”. Dit beteken dat Sondagskool veronderstel is om 'n aanvulling te wees van wat by die huis geleer word (Got Questions, 2022).

Daarom is die ideaal dat die kerk en die kind se familie sal saamwerk om die kinders oor geloof te leer (Got Questions, 2022). Hier kom die belangrikheid van [Afdeling 3.3.2.1](#) van die navorsing na vore, aangesien die geestelike ondersteuning en opvoeding van ouers ook 'n belangrike hulpbron in kinders se lewens is.

Dit is ongelukkig nie meer 'n prioriteit in baie huishoudings nie, aangesien baie ouers die taak aan die Sondagskool oorlaat (Got Questions, 2022). In sommige gevalle is dit omdat die ouers self nie Christene is nie ([Afdeling 3.3.2.1](#)). In ander gevalle lei die werksverlies van ouers tot soveel stres dat hulle nie die nodige ondersteuning aan hul kinders kan bied nie ([Afdeling 3.3.2.2](#)). In sulke gevalle kan Sondagskool as 'n alternatiewe bron van familieondersteuning dien (Grobelaar, 2016:156). Die ideaal is wel dat ouers ook betrokke sal wees en dat hulle saam met die gemeente sal werk om hul kinders te help om te floreer.

4.3.2 Jeuggroep

Nog 'n afdeling van die gemeente wat verskeie hulpbronne in kinders se lewens kan inbou, is jeuggroepe. Volgens Arise Church (2021) en Hutzell (2022) is 'n jeuggroep of jeugbediening op 'n sekere ouderdomsgroep gefokus. Kinders in 'n jeuggroep is gewoonlik tussen 12 en 18 jaar oud. Die groep word gewoonlik deur volwassenes bestuur en ondersteun, maar die jeug kry steeds geleentheid om die groep se aktiwiteite te beplan (Hutzell, 2022).

Die doel van 'n jeuggroep is om saam met jongmense te kyk wie God is en wat Hy oor hul lewens te sê het (Crosswalk.com, 2021). Dit is om hulle die evangelie te leer, om hulle na Jesus te lei en om hulle te leer hoe om meer soos Jesus te word (Coombs, 2019).

Daarmee saam leer 'n jeuggroep jongmense om die Here te vertrou en om in hulle verhouding met die Here te groei (Arise Church, 2021; Abraham, 2016a). Dit sal hulle aanmoedig om aan die Here getrou te bly al word hulle ouer. Dit help hulle ook om hulle waarde te verstaan (Crosswalk.com, 2021). Dit alles gebeur in 'n omgewing van gemeenskap en mentorskap. Gevolglik lei dit daartoe dat die gemeente as 'n geheel ook floreer (Arise Church, 2021).

Jeugbediening is 'n belangrike deel van die gemeente, aangesien dit 'n skakel tussen jonger en ouer generasies in die gemeente is (Arise Church, 2021). Dit laat jongmense toe om van adolessensie na volwassenheid oor te gaan (Hutzel, 2022). Soos wat tieners met ouer Christene by die jeug te doen kry, voel hulle belangrik, betrokke en asof iemand vir hul omgee (Arise Church, 2021).

Dit help dat hulle gemaklik in gemeentedienste voel, aangesien hulle daardie selfde volwasse Christene wat by die jeug bedien, in die gemeentedienste sien. Later kan dit daartoe lei dat die tieners na skool in die gemeente as diakens, pastore, koorlede, ensovoorts betrokke raak (Arise Church, 2021). Jeugbediening help jongmense dus om in sterk Christene te ontwikkel wat 'n liefde vir God het (Encounter Church, 2022).

Verskeie hulpbronne wat lei tot die florerings van kinders, word in jeuggroepe aan kinders voorgehou. Een van die hulpbronne is dat tieners die geleentheid gebied word om verhoudings met ander gelowiges te bou ([Afdeling 3.3.2.2](#) en [Afdeling 3.3.2.3](#)). Dit is belangrik, aangesien verhoudings met ander mense die kinders sal help om te floreer. Dit word gedoen deur verskeie aktiwiteite saam te geniet. Dit sluit in gesprekke rakend geloof, fliekaande, aande rondom die kampvuur, spelletjies, aanbidding en nog vele meer (Arise Church, 2021). Hierdie aktiwiteite vorm 'n band tussen die verskillende tieners.

Die jeuggroep vorm ook 'n veilige plek vir jongmense om te sosialiseer (Hutzel, 2022; The Episcopal Church, 2014). In 'n wêreld waar tieners geboelie word en waar hulle identiteit vernietig kan word, is dit belangrik om hulself te omring met ander jongmense wat hulle op die regte maniere kan bemoedig, optel en uitdaag (Stier, 2021). Dit is juis wat jeuggroepe vir tieners kan bied. Dit dien as 'n veilige plek waar hulle oor probleme kan praat en leiding kan ontvang (Encounter Church, 2022).

Lede van 'n jeuggroep sien daarom gewoonlik uit na die jeuggroep, aangesien hul vriende daar is (Encounter Church, 2022). Hulle geniet dit om kerk toe te gaan omdat hulle weet dat hulle dan met mense omring word wat vir hulle omgee en wat met hulle kan assosieer.

Die Bybel is ook 'n baie belangrike hulpbron wat in jeuggroepe benut word ([Afdeling 3.3.1.1](#)). In jeugbediening word die Bybel saam gelees en bestudeer (Arise Church, 2021). Die Bybel word op hulle vlak verduidelik en kan gebruik word om onderwerpe wat relevant vir die jeug is, te behandel (Van As, 2020:67). Dit is 'n plek waar jeugleiers tieners kan help om sin van Bybelse waarhede te maak en hulle wys hoe om dit uit te leef (Stier, 2021). Daar word ook vir tieners geleer hoe die Bybel hulle besluite behoort te beïnvloed (Hutzel, 2022).

Deur die Bybel aan tieners te leer, word die hulpbron van hoop ([Afdeling 3.3.1.4](#)) in tieners se lewens ingebou. Lering van die Bybel help ook om vir tieners 'n Bybelse perspektief rakend God en swaarkry te gee. ([Afdeling 3.3.1.3](#)).

Gebed is nog 'n hulpbron wat deur jeuggroepe aangemoedig word ([Afdeling 3.3.1.2](#)). In 'n jeuggroep word tieners aan gebed blootgestel en word hulle dikwels aangespoor om gebedsversoeke te deel (Arise Church, 2021). Hulle word ook kans gegee om hulle individuele gebedslewe te ontwikkel (The Episcopal Church, 2014).

Mentorskap is 'n verdere hulpbron wat by jeuggroepe gevind kan word ([Afdeling 3.3.2.2](#)). In 'n jeuggroep is die geleentheid daar om as 'n mentor en vriend op te tree (Hutzel, 2022). Dit bied geleentheid vir volwasse Christene wat die jeug bedien, sowel as ouer jeuglede, om vir tieners Bybelse waarhede en praktiese vaardighede te leer. Dit rus jongmense toe om elke situasie in lig van hulle geloof te interpreteer. Dit help hulle ook om as volgelingen van Jesus te leef.

Mentorskap in jeugbediening is belangrik, aangesien dit tieners die geleentheid bied om te sien hoe ander volwasse Christene, buiten hul ouers, vir die Here leef (Encounter Church, 2022; Stier, 2021; The Episcopal Church, 2014). Die mentors dien dan ook as rolmodelle en bevestig en versterk sodoende die Bybelse waarhede wat aan tieners geleer word.

Soos genoem by [Bespreekingspunt 4.3.1](#), is dit hoofsaaklik ouers wat hul kinders van die Here behoort te leer. Dit is belangrik, aangesien ouers se geestelike bystand en opvoeding tot die florerings van kinders bydra ([Afdeling 3.3.2.1](#)). Alhoewel ouers die primêre geestelike invloed van hul kinders behoort te wees, speel 'n sterk jeuggroep ook 'n belangrike rol in die geestelike ontwikkeling van tieners (Stier, 2021). Dus, is die ideaal weereens dat ouers en jeuggroepe sal saamwerk om in hul kinders se lewens te bou en sodoende hulle te help om te floreer. Waar ouers egter nie daardie rol inneem nie kan jeuggroepe as 'n alternatiewe bron dien.

4.3.3 Gemeentedienste

[Afdeling 4.3.1](#) het gewys dat dit baie belangrik is dat kinders ook gemeentedienste sal bywoon. Dit word deur Grobbelaar (2016:157-158) bevestig wat sê dat 'n holistiese benadering tot kinderbediening, kinders in die hele kerk sal betrek. Dit is belangrik sodat hulle 'n liefde vir die gemeentedienste kan ontwikkel en die hulpbronne wat nodig is om staande te bly, steeds in hulle lewens ingebou kan word, selfs na hulle klaar met Sondagskool en jeug is.

Gemeentedienste is wanneer gelowiges saamkom om gemeenskap met God en ander gelowiges te hê (Jones, 2022). Gemeentedienste is daarom 'n belangrike bediening wat kan bydra tot die florering van kinders. Die Bybel wys dat die Here gemeentediens bywoning belangrik ag en dat mense dit 'n prioriteit behoort te maak om dienste by te woon. Dit kan in Hebreërs 10:25 gesien word wat sê: "... en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom".

Alhoewel die verloop van 'n gemeentediens van kerk tot kerk verskil is daar gewoonlik sekere elemente wat in meeste dienste aangetref word of aangetref behoort te word. Die eerste element of bron is gebed ([Afdeling 3.3.1.2](#)). Net soos gebed 'n algemene deel van Christene se lewens is, is gebed ook 'n algemene bron in kerkdienste (Commelin, 2021). Dit maak sin, aangesien die doel van 'n kerkdienste nie net is om tyd met ander gelowiges te spandeer nie, maar ook om tyd met die Here te spandeer. Gebed kan benut word om die Here te prys, te dank en om Hom vir hulp te vra. Gebed kan in dienste gebruik word om saam met ander gelowiges te bid (Fairchild, 2019).

Die volgende hulpbron wat in gemeentedienste gevind word, is die Bybel ([Afdeling 3.3.1.1](#)). Volgens Commelin (2021) is die Bybel 'n sentrale deel van gemeentedienste. Dit is belangrik, aangesien die Bybel die hoofbron is waardeur die Here met Sy kinders kommunikeer. Tydens dienste word 'n gedeelte van die Bybel gewoonlik aan die gemeente voorgelees. Die gedeeltes word dan gebruik om gemeentelede uit die Bybel te leer en om die gedeelte aan hulle te verduidelik. Hulle word ook geleer hoe hulle dit wat hulle geleer het, kan deelmaak van hul alledaagse lewens.

Volgens Grobbelaar (2016:159) is die gebruik van die Bybel in gemeentedienste ook op kinders van toepassing. Die rede is omdat dit moontlik is om te preek op 'n manier wat vir kinders verstaanbaar is, sonder om afbreuk aan die teologiese diepte van die Bybel te doen. Die Bybel is dus 'n belangrike hulpbron vir die geestelike groei van mense (Walker, 2020), en meer nog kinders.

Soos voorheen genoem, word die Bybel ook gebruik om hoop aan mense te gee ([Afdeling 3.3.1.4](#)) en om hulle 'n Bybelse perspektief van God en leiding te gee ([Afdeling 3.3.1.3](#)). Dit is daarom belangrike hulpbronne wat deur gemeentedienste voorsien word.

Gemeentedienste is ook van groot belang, aangesien dit mense geleentheid gee om verhouding met ander gelowiges te bou ([Afdeling 3.3.2.2](#) en [Afdeling 3.3.2.3](#)). Volgens Walker (2020) is gemeenskap met ander gelowiges baie belangrik omdat die Christelike lewe nooit bedoel was om alleen geleef te word nie. In die Bybel word gelowiges juis aangemoedig om mekaar lief te hê (Rom. 13:8) en vir mekaar te bid (Jak. 5:16). Die gemeentediens is 'n plek waar dit kan geskied.

Nog iets wat saam as gemeente gedoen kan word, is om saam te sing (Commelin, 2021). Dit word gedoen om die Here te prys en om dankbaarheid en hartseer uit te druk. Die doel daarvan is om God te verhoog en mense se fokus op Hom te plaas (Fairchild, 2019). Volgens Grobbelaar (2016:159) kan kinders saam met die gemeente aan hierdie elemente deelneem.

Verder geniet gemeentelede saam sakramente, soos die nagmaal (1 Kor. 11:23-26) en die doop (Matt. 3:13-17). Die sakramente is instellings wat deur Jesus ingestel is, en is iets wat die gemeente saam kan geniet (Commelin, 2021). Al hierdie dinge bevorder gemeentelede en vriende se verhouding met mekaar.

Volgens Walker (2020) is gemeentedienste ook belangrik, aangesien dit daar is waar mense ouer goddelike mentors kan vind ([Afdeling 3.3.2.2](#)). Dit is in gemeentedienste waar kinders kan sien hoe ouer Christene die Here dien (Grobbelaar, 2016:156-157). Dit is ook waar hulle kan sien hoe hul mentors, vanuit die Sondagskool en jeug, hulle geloof uitleef. Dus, bied gemeentedienste die geleentheid vir kinders om mentors te vind of om te sien hoe die mentors wat hulle reeds het, vir die Here leef.

Laastens bied gemeentedienste die geleentheid vir kinders om saam met hul familie die Here te dien ([Afdeling 3.3.2.1](#)). Dit is ook hier waar hulle kan sien hoe hul ouers die Here dien (Van As, 2020:69). Veral in die konteks van ouers wat hul werk verloor, sal dit goed wees vir kinders om te sien dat hulle ouers die Here dien en op Hom vertrou ten spyte van hul omstandighede. Dit sal kinders se vertoue in die Here versterk en hulle help om te floreer.

4.3.4 Mentorskap

Mentorskap is 'n goeie aanvulling tot gewone jeugbediening, aangesien jeugbediening gewoonlik op groepe fokus eerder as een-tot-een verhoudings (Springer, 2021). Mentorskap, aan die ander kant, is 'n verhouding tussen twee mense en is 'n goeie hulpbron vir geestelike, verstandelike en

emosionele groei (Lifeway, 2019). Volgens Conklin (2020) benodig mense mentors om te groei en te floreer. Om 'n mentor te wees beteken dat 'n mens 'n belangrike rol in iemand anders se lewe inneem (Kight, s.a.). Dit beteken dat 'n mens in iemand se lewe belê en daardeur mense waardevol laat voel (Conklin, 2020).

Om as 'n mentor te dien, moet 'n persoon 'n verhouding met Christus hê, in gemeenskap met ander gelowiges leef en in 'n mens se eie geloof groei (Conklin, 2020). Dus, hoef nie net pastore mentors te wees nie, maar enige goddelike mense kan as mentors dien (Springer, 2021). Voorbeelde sluit in jeugleiers, ouers, ouer Christene en selfs oupas en oumas. Mentorskap kan by die kerk of ander plekke soos koffiewinkels, ensovoorts gedoen word (Lifeway, 2019).

Mentorskap kan gedefinieer word as 'n verhoudingervaring waar een persoon 'n ander persoon bemagtig deur God-gegewe hulpbronne te deel (Mazak, 2016:86). Die doel van mentorskap is om mense aan te moedig om in hulle verhouding met Christus te belê en in daardie verhouding te groei (Abraham, 2016b; Springer, 2021). Dit gaan daarvoor om 'n mens se geloof met ander te deel en om mense te help om meer soos Christus te word (Lifeway, 2019; Springer, 2021).

Dit is gewoonlik daarop gefokus om jonger gelowiges te help (Kight, s.a.; Springer, 2021). Hier word mentors die geleentheid gebied om hul wysede en lewenservaringe met iemand te deel sowel as advies en ondersteuning te bied. Die persoon wat gementor word, kry weer die kans om geleer te word deur iemand wat reeds was waar hulle nog moet gaan (Harris, 2021; Social Work Lisence Map, 2015).

Mentors is ook daar om mense te help om hul fokus op God te hou (Abraham, 2016b). Hulle kan as 'n positiewe invloed in jongmense se lewens dien. Dit is wel belangrik dat die wie gementor word nie afhanklik van die mentor moet word nie, maar dat die mentorskap verhouding eerder jongmense toerus om later self wyse besluite te neem (Springer, 2021).

In 'n mentorskapverhouding speel gebed 'n baie belangrike rol (Lifeway, 2019). Dus, word dié hulpbron ook in dié bediening benut ([Afdeling 3.3.1.2](#)). Sessies word gewoonlik begin en beëindig met gebed. In 'n mentorsessie kan albei partye saam met mekaar bid (Kight, s.a.). Van die mentor se kant af is dit belangrik om vir die jongmense wat gementor word te bid, te bid oor wat die Here wil hê gedeel moet word asook bid dat die Here 'n mens sal lei (Hartman, 2019).

Die Bybel as hulpbron word ook in mentorskap gebruik ([Afdeling 3.3.1.1](#)). Tydens mentorskap kan die Bybel saam gelees word (Springer, 2021). Dit is wel belangrik dat die mentor uit die Bybel moet voorberei, die Bybel moet ken en ook in staat moet wees om te deel hoe die Bybel hulle persoonlike lewens beïnvloed het (Hartman, 2019). Wanneer iemand dan hulp nodig het, help

mentors hulle om na die Bybel te gaan vir antwoorde (Prison Fellowship, 2022). Mentors wys daardeur dat die Here ons hoof Bron van wysheid en hulp is. Dit gee ook vir hulle hoop ([Afdeling 3.3.1.4](#)).

Areas in 'n mens se lewe waar groei moet plaasvind word bespreek en suksesse word saam gevier (Kight, s.a.). Areas waar iemand sukkel word ook bespreek en aan gewerk. Mentorskap is daarom 'n goeie geleentheid vir iemand om goeie Bybelse advies te kry, 'n ander perspektief te kry ([Afdeling 3.3.1.3](#)) en aanspreeklik gehou te word. Dit dien ook as 'n veilige plek vir mense om hulself te wees en om mekaar aan te moedig (Harris, 2021).

Mentorskap bied die geleentheid om vir kinders 'n mentor te gee wat deur dieselfde of soortgelyke stryd as hulle was ([Afdeling 3.3.2.4](#)). Mentors het die geleentheid om oor soortgelyke swaartye te deel wat in hul eie lewens plaasgevind het (Gheen, 2013). Daarmee saam kan hulle deel hoe hulle daardeur gekom het en wat die Here vir hulle gedoen het.

Mentorskap bied die geleentheid om 'n verhouding met ander gelowiges te bou ([Afdeling 3.3.2.2](#) en [Afdeling 3.3.2.3](#)). In 'n mentorskapverhouding tree 'n mens as 'n mentor op, maar ook as 'n vriend (Gheen, 2013). Daarom is dit belangrik om mekaar te leer ken en dinge saam te doen (Newburn, 2017). Wanneer dit gedoen word, ontstaan daar 'n diep band tussen die mentor en die een wat gementor word. Dit kan gesien word deur 'n persoon wat die volgende aan hul mentor gesê het: "You're not my mom, but I don't think we could be much closer even if you were" (Gheen, 2013). Dit wys dat mentorskap ook verhoudings bevorder. Gevolglik sal dit ook kinders help om te floreer.

Daar is verskeie voorbeelde van mentorskapverhoudings in die Bybel. Jesus en Sy dissipels is die eerste voorbeeld (Kight, s.a.). Jesus het hulle geleer hoe om Hom te volg en Hy was met hulle deur die hoogtepunte en laagtepunte van hul lewens. Jesus het, byvoorbeeld, spesifiek vir Petrus gehelp om in sy karakter te groei deur saam met hom deur sy teleustellings en mislukkings te wees. Dit het Petrus se geloof versterk. Jesus was daarom 'n goeie mentor, aangesien Hy sy dissipels geleer het deur Sy woorde en daad (Prison Fellowship, 2022).

Ander mentorverhoudings wat in die Bybel gevind kan word, is Eli en Samuel, Elia en Elisa sowel as Paulus en Timotheus (Hartman, 2019). Hulle verhoudings was op God gerig en daarin het hulle advies gegee, mekaar bemoedig en saam gegroei.

Dit is belangrik dat mentors moet dien as rolmodelle wie se aksies nagevolg kan word (Hartman, 2019). Die lewe van 'n mentor behoort vir ander te wys hoe 'n ware volgeling van Jesus lyk en

hoe dit vir hulle kan wees indien hulle ook die Here voluit dien (Harris, 2021). Dus, behoort mentors nie net ander te leer van God nie, maar hulle moet ook wys hoe mense God kan liefhê en dien (Prison Fellowship, 2022).

Net soos Sondagskool en jeug is mentorskap nie bedoel om ouers te vervang nie, maar om ouers aan te vul (Gheen, 2013). Alhoewel ouers ook as goeie rolmodelle kan dien ([Afdeling 3.3.2.1](#)), het hulle nie altyd al die antwoorde nie (Social Work Licensure Map, 2015). Daarom benodig jeug soms 'n eksterne persoon of persone met wie hulle hul gedagtes kan deel en met wie hulle kan praat. Hier kan getroue gemeentelede, Sondagskoolonderwysers en pastore as eksterne mentors dien.

4.3.5 Ondersteuning van ouers

Soos gesien in [Besprekingspunt 2.2.5](#), veroorsaak werksverlies finansiële stres vir ouers. Wanneer dit gebeur, word familie verhoudings ontwig. Die ontwigting van familieverhoudings kan tot verskeie negatiewe gevolge vir kinders lei. Daarom is dit belangrik om nie net te fokus op hoe kinders ondersteun kan word nie, maar om ook te kyk hoe ouers ondersteun kan word. Dit is belangrik, aangesien dit stres in ouers kan verlaag en sodoende familieverhoudings kan laat verbeter. Soos wat ouers ondersteun word, word kinders ook indirek ondersteun.

Die kerk kan op die gebied van hulp wees ([Afdeling 3.3.2.2](#)). Soms is dit nodig om met finansies te help (Thorne, 2013). As daar waarlik nood is, behoort gemeentelede te help waar hulle kan. Dit kan selfs wees deur nou en dan vir die mense kos te maak. Daar kan ook gehelp word deur mense van klere te voorsien (Duncan, 2021). Die gemeente is wel verantwoordelik om eerstens gemeentelede te help en daarna ander wat nie deel van die gemeente is nie (Revival Ministries International, 2010). Die gemeente is nie verantwoordelik daarvoor om lui mense te help nie, maar om mense te help wat swaarkry as gevolg van omstandighede buite hul beheer (Revival Ministries International, 2010).

Buiten finansiële hulp, kan ouers ook op ander maniere gehelp word. Die volgende hulpbronne kan help om ouers se stres te verminder en sodoende familieverhoudings te versterk. Eerstens, kan hulle luister na die wat hul werk verloor het (Thorne, 2013) en vir hulle berading gee (Duncan, 2021).

Hulle kan ook van moontlike werksgeleenthede bewus gemaak word. Volgens Threlfall (2011) is een van die beste plekke om werk te kry deur die kerk. Dit kan gedoen word deur 'n werknêwerk te skep waar werksgeleenthede bekendgemaak kan word en waar die wat werk soek, kan sê na watter tipe werk hulle opsoek is.

Iemand in die gemeente kan ook die mense wat opsoek is na werk, se CV deurgaan om seker te maak dat dit mooi uiteengesit is en dat daar nie spelfoute is nie (Thorne, 2013). Bestuurders in die gemeente kan gevra word om te deel waarna werkgewers gewoonlik opsoek is. So kan die wat aansoek doen vir werk, voorbereid wees.

Die kerk kan die ouers help om 'n goeie perspektief rakend swaarkry te kry ([Afdeling 3.3.1.3](#)). Dit kan deur die Bybel gedoen word ([Afdeling 3.3.1.1](#)). Hulle moet beseft dat die Bybel werk as belangrik ag, maar dat die lewe nie net daarvoor gaan nie (Theology of work, 1997). Hulle moet beseft dat hulle waardevol vir die Here is, ongeag wat hulle werkstatus is, en dat hulle waarde in Christus lê (Cooper, 2012). Dit gee hulle 'n nuwe doel in hul werklewens en gee hulle krag om aan te hou werk soek.

Die Bybel kan dus gebruik word om vir hulle 'n gesonde perspektief van werk te gee (Thorne, 2013). Die Bybel kan verder gebruik word om vir hulle Bybelse beginsels te leer rakend hoe om 'n mens se geld te bestuur (Thorne, 2013). Dit kan hulle help om die geld wat wel beskikbaar is, goed te benut.

Ouers kan verder aangemoedig word om hulle vertroue in die Here te plaas (Thorne, 2013). Dit kan gedoen word deur ouers aan te moedig om deur gebed na die Here te gaan vir hulle werkbehoefte ([Afdeling 3.3.1.2](#)). Die gemeente kan hulle aanmoedig om die Here tydens moeilike tye te eer, Hom te vertrou, aansoek te doen vir werk en nie moedeloos te raak nie. Die gemeente kan ook die mense deur gebed ondersteun.

Laastens, kan ouers toegerus word om hulle kinders by te staan en 'n voorbeeld vir hul kinders te wees ([Afdeling 3.3.2.1](#)). Dit is belangrik, aangesien ouers die hoofbron van geestelike onderrig in hul kinders se lewens behoort te wees. Daarom moet die kerk ouers help om 'n koesterende omgewing vir hul kinders te skep (Grobbelaar, 2016:156). Daar is verskeie maniere hoe die gemeente ouers hiermee kan help.

Jones en Trentham (2015:17-66) maak die volgende voorstelle: Leer ouers hoe om die Bybel te bestudeer en te bid, hoe om te aanbid en hoe om antwoorde op moeilike vrae te soek. Leer hulle hoe om hulle kinders te evangeliseer en hoe hulle self hul kinders kan leer om die Here te dien. Leer hulle die belangrikheid om deur hul eie lewens ook 'n voorbeeld aan hul kinders te wees oor hoe om die Here te volg.

Soos wat die dinge gedoen word, sal dit hoop vir ouers verskaf ([Afdeling 3.3.1.4](#)) en help dat hulle minder stres ervaar. Daarmee saam sal familieverhoudings verbeter en sal kinders daardeur in staat gestel word om te floreer.

4.4 Samevatting

In die hoofstuk is daar op die vyfde stap van Groome se model gefokus. Die stap is op geloofshulp as lewenshulp gerig. Met ander woorde, daar is gekyk hoe geloofshulpbronne deel van kinders se alledaagse lewens gemaak kan word. Daar is voorgestel dat kinderbediening benut kan word om geloofshulpbronne in kinders se lewens te integreer, ten einde hulle te help floreer.

Daar is gesien dat kinderbediening in verskeie afdelings van die gemeente kan plaasvind. Kinders kan in Sondagskool sowel as jeugbediening bedien word. Daar is wel gewys dat kinders nie net betrokke moet wees by Sondagskool en jeug nie, maar dat hulle ook gemeentedienste moet bywoon. Dit help dat hulle 'n liefde vir gemeentedienste ontwikkel en sien hoe ouer gelowiges leef. Dit sal help dat hulle sal aanhou om gemeentedienste by te woon selfs al is hulle te oud vir Sondagskool en jeug. Daardeur sal hulle aanhou om hulpbronne te ontvang wat hulle kan help om te floreer, selfs al is hulle klaar met skool.

Daar is ook gewys dat mentorskap 'n belangrike deel van kinderbediening is. Dit help om kinders tydens moeilike omstandighede toe te rus en bied die geleentheid dat hulle met mense kan praat wat moontlik al deur dieselfde situasie as hulle was. Laastens is bespreek dat die gemeente kinders kan bedien deur hulle ouers te ondersteun. Soos wat ouers ondersteun word, sal dit gesinsverhoudings verbeter en kinders help om te floreer. Dus, kan die gemeente dien as 'n veilige plek waar kinders in die teenwoordigheid van God en die geloofsgemeenskap kan groei (Grobbelaar, 2016:162).

HOOFSTUK 5: OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

In [hoofstuk 1](#) van die studie het navorsing gewys dat die Koronaviruspandemie daartoe gelei het dat talle mense hul werk verloor het ([Besprekingspunt 1.1](#)). Werksverlies het nie net 'n effek op ouers nie, maar beïnvloed ook hul kinders. Daarom was die fokus van die studie om te bepaal watter geloofhulpbronne gebruik kan word om kinders te help om te floreer, ten spyte van ouers se werksverlies.

Dit is gedoen deur Covid-19 en die effek van werksverlies op kinders te bespreek ([Hoofstuk 2](#)), geloofshulpbronne te identifiseer wat tot die florerings van kinders kan bydra ([Hoofstuk 3](#)), en te bespreek hoe geloofshulpbronne, deur middel van kinderbediening, deel van kinders se alledaagse lewens gemaak kan word ([Hoofstuk 4](#)). In die finale hoofstuk sal die bevindinge in elke hoofstuk opgesom word, gevolgtrekkings sal gemaak word en aanbevelings vir verdere studies sal gegee word.

5.2 Opsomming van bevindings

5.2.1 Covid-19 en werksverlies en die effek daarvan op kinders

Hoofstuk 2 se fokus was om Covid-19 en die effek van werksverlies van ouers op kinders te bespreek. Navorsing het gewys dat Covid-19 daartoe gelei het dat talle mense hul werk verloor het en dat werksverlies van ouers 'n traumatiese en stresvolle ervaring vir alle familieledes is.

Finansiële onsekerheid kan baie stres op ouers plaas omdat werksverlies lei tot 'n verlies aan inkomste en soms ook 'n verlies aan sosiale ondersteuning. Sommige ouers kan ook voel dat hulle hul doel in die lewe verloor het. Daarmee saam dra ekonomiese en gesondheidsonsekerheid by tot ouers se stres. Navorsing het ook gewys dat ouers se werksverlies en stres kinders op verskeie maniere kan beïnvloed.

Die werksverlies van ouers kan kinders se voeding, gesondheid, sosiale ondersteuning, skoolprestasie sowel as toekoms beïnvloed. Dit verhoog ook die kans dat kinders geweld sal beleef. Die stres wat ouers ervaar, lei tot veranderings in familieverhoudings en kan kinders se kans om sielkundig en fisies mishandel te word verhoog. Dit veroorsaak dat die kwaliteit sorg wat kinders kry, soms verlaag en verhoog die kans om konflik met familie en vriende te ervaar.

Werkverlies van ouers kan ook daartoe lei dat kinders angstigheid en depressie ervaar. Dit kan tot aggressie en hiperaktiwiteit in kinders lei. Daarmee saam kan dit veroorsaak dat kinders skaamkry en anti-sosiaal begin optree. Ouers se werkverlies kan ook gedragsprobleme tot gevolg hê en verhoog die kans dat tieners by misdadigheid betrokke raak. Dit kan ook lei tot 'n toename in beserings, pogings tot selfmoord en selfmoordgedagtes.

Dit beïnvloed hulle kognitiewe ontwikkeling en skoolprestasie. Gevolglik verlaag kinders se kans om hoërskool te voltooi. Dit raak daarom kinders se toekomstige onderrig en werksgeleenthede ook. Daarmee saam kan ouers se werkverlies vir kinders 'n pessimistiese siening rakend werk gee en kan dit veroorsaak dat hul motivering in skool afneem.

Daar is ook bevind dat die effek van werkloosheid op kinders groter is wanneer pa's hul werk verloor. Die rede hiervoor is omdat pa's se werkverlies gewoonlik 'n groter finansiële verlies inhou en dat werkloosheid 'n groter geestelike effek op mans het. Pa's se werkverlies word met 'n toename in kinders se angstigheid, depressie en beserings geassosieer.

Werkverlies van ouers kan wel soms tot goeie gevolge lei. Soms kan werkverlies tot toename in gesondheidsorg en gevolglik 'n afname van aansteeklike siektes lei. Dit kan maak dat ouers soms meer tyd aan hul kinders spandeer en kan selfs kinders motiveer om 'n meer stabiele werk as hul ouers te kry. Alhoewel goeie dinge na vore kan kom, bly moontlike negatiewe nagevolge steeds 'n risiko. Daarom moet aandag gegee word aan hoe kinders ondersteun kan word om sin te maak van hul omstandighede en toegerus kan word om ten spyte daarvan te floreer.

5.2.2 Teologiese refleksie: Florering in 'n situasie van werkverlies

Hoofstuk 3 het daarop gefokus om geloofshulpbronne te identifiseer wat kinders kan help om ten spyte van hul ouers se werkverlies te floreer. Die hoofstuk het gewys dat kinders kan floreer wanneer hulle 'n lewe van oorfloed in verhouding met God en mens leef.

Gevolglik is daar uitgewys dat dit baie belangrik is om verhouding met God te bou. 'n Verhouding met God gee 'n doel aan kinders se lewens. Die Here word as hulp tydens moeilike omstandighede beskou en is daar om kinders te vertrou, ondersteun en te lei. Studies het daarom duidelik gemaak dat dit baie belangrik is vir kinders om in hul verhouding met die Here te belê.

Verskeie geloofshulpbronne wat kinders kan help om in verhouding met God te leef, is geïdentifiseer. Die eerste hulpbron is die Bybel. Die Bybel is die Woord van God en kan daarom gebruik word om God te leer ken. Die Bybel is ook 'n belangrike bron van leiding, vertroosting en

hoop. Dit wys ook dat ander mense deur moeilike situasies was en deur God se hulp daardeur kon kom.

Gebed is as die volgende hulpbron bespreek. Die hoofstuk het gewys dat gebed 'n manier is om met God te kommunikeer en dat dit daarom 'n belangrike hulpbron in mense se verhouding met God is. Gebed dien as 'n buffer teen stres en dra by tot die ontwikkeling van veerkragtigheid. Dit gee geleentheid vir kinders om hul situasie aan die Here te verduidelik, om sin daarvan te maak en bied 'n manier om gemoedsrus te kry. Gebed kan ook kinders help om op die Here te vertrou en gevolglik hul situasie te aanvaar.

